Ass. 2

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — DELMAS

1987-02-26

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 182

(Bladsye 9 383 - 9 448)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 26 FEBRUARIE 1987.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Ramakgula, ons het laas gestop by die vraag of daar ŉ resolusie aanvaar was op hierdie vergadering van 9 Oktober 1983, dat die VCA sou vra dat die Administrasierade moes terugkeer om beheer oor te neem oor die woongebiede? -- Ja, dit is so.

Wat sê u daarop vandag? -- Ek sê dat die gemeenskap wel so gesê het dat dit so moet gebeur.

Die gebruik van die woord "gemeenskap" wat so baie gebruik word in die hof pla my. Watter gemeenskap praat u van? -- Ek praat van die inwoners van Lekoa as ek verwys na die gemeenskap.

Dan praat u van die duisend ongeveer mense op die vergadering van die stigting van VCA? -- Al weet ek nie wat die getal van die mense is wat teenwoordig was by die vergadering nie, praat ek van die mense wat daar teenwoordig was wat dit ondersteun het.

En omdat hulle dit gesê het, sê u dit is die hele gemeenskap van Lekoa wat dit vra? -- Hulle vorm ŉ gedeelte van Lekoa se gemeenskap, die mense wat so gesê het.

En u kennis ten opsigte van wat die mense van die gemeenskap van Lekoa gevra het oor hierdie aspek is wat u daar op die vergadering van 9 Oktober waargeneem het? -- Dit is wat daar gesê was terwyl ek daar teenwoordig was.

Ons het laas ook gekom of u het aangedui dat nadat daar ŉ resolusie was dat die VCA gestig moet word, is daar ook gepraat van die take wat aan die VCA opgedra is. -- Ja, dit is reg.

U het toe gepraat van dat een van die take was met

betrekking/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betrekking tot die huise? -- Ja, van wat aan hulle oorgedra was, het ek gesê dit het oor die huise gegaan.

En die tweede een wat u net genoem het maar nog niks van gesê het nie is ten opsigte van paaie? -- Ek sê so.

Wat se taak is opgedra aan die VCA in verband met paaie? -- Wat ek sê is dat die persone daar teenwoordig by hierdie vergadering se gevoel was dat VCA sal na hierdie ding kyk, dit is die toestand van die paaie, wat eintlik nie in ŉ goeie toestand was nie.

HOF : Hoe sal hulle daarna kyk? -- Hulle sou dit met die Administrasieraad bespreek het, hoe dit reggestel moet word.

MNR. FICK : Weer die Administrasieraad en nie die Stadsraad nie? -- Ja, ek praat van die Administrasieraad.

Watter ander taak is opdra aan die VCA? -- Hy het van die volgende gister gepraat. Dit is oor die huise, die paaie sowel as die huur wat betaal moet word en dan die getal huise wat beskikbaar is vir die gemeenskap daar en die beskerming van mense, dit wil sê die inwoners van die huise.

Kom ons kry eers al die take. Wat se take is daar nog opgedra aan die VCA? -- Ek het nou net verduidelik wat die take was van wat VCA moes gedoen het.

Is dit almal? -- Nee, ek sê dit is wat ek nog kan onthou.

HOF : Kan ek net op rekord plaas dat beskuldigde nr. 10 is afwesig. Ek dink u moet dit net vir my elke dag sê dat ons dit op rekord plaas.

MNR. FICK : Ek het dit nie agtergekom nie. Ek is jammer. Met betrekking tot die huur, wat was die taak wat opgedra was aan die VCA op hierdie vergadering? -- Ek het gesê wat die taak was van die VCA. Dit was die volgende. Dat hulle ŉ gesprek sal moet uitvoer met die Administrasieraad. Dit

sou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sou dan afgehang het van die gesprek wat uitgevoer is tussen die twee wat gedoen kan word oor die huur.

Wat was die gevoel oor die huur? Was dit te hoog of wat was die probleem op daardie stadium met die stigting van die VCA? -- Die gemeenskap het gekla daaroor dat hierdie huurgeld te swaar is. Dit wil sê moeilik is vir hulle om te betaal.

Die VCA, enige van hierdie take wat aan hom opgedra is, tot 3 September, het hy enige van hierdie take van hom uitgevoer?

HOF : 3 September 1984?

MNR. FICK : 1984. -- Dit weet ek nie, want dit was net oorgegee aan daardie tydelike komitee om daarin te sien. Ek was nie ŉ lid van die komitee nie, dus weet ek nie.

HOF : Was daar ooit op ŉ massavergadering gerapporteer dat voortgang gemaak word en dat dit of dit gedoen is? -- Wat ek vir die Hof kan sê is dat die laaste vergadering waar ek daarvan gehoor het, was by hierdie vergadering van die stigting van die VCA. Ek was nie weer by ŉ ander vergadering teenwoordig nie.

MNR. FICK : In die ongeveer ŉ jaar se tyd wat verloop het tussen Oktober 1983 toe hierdie take gegee is tot September 1984 toe die moeilikheid gekom het, het u van u kant af iets gedoen om uit te vind wat word gedoen aan hierdie take? -- Nee, ek het nou net verduidelik dat ek laas hiervan gehoor het by die vergadering waar hierdie pligte oorgedra was aan die komitee wat destyds daarmee moes gehandel het. Daarna het ek nie ŉ vergadering bygewoon waar dit bespreek was nie en eintlik het ek ook nie uit my pad gegaan om te verneem wat daaromtrent gedoen word nie, want dit was in die hande van hierdie komitee gelaat. So, ek het dus nie ŉ rede gehad

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om verder aan te gaan daarmee nie.

Maar toe u nou hier hoor, hierso van 26 Augustus 1984 se kant, amper ŉ jaar later, dat die mense begin hier praat van protes en daar gaan gemarsjeer word en daar gaan later weer vergaderings gehou word en 3 September gaan julle marsjeer oor die huur en al hierdie probleme wat julle het, hoekom het julle nie na die mense toe gegaan en vir hulle gesê "Wag net so ŉ bietjie. Het julle julle take uitgevoer voor ons nou hier gaan mense mobiliseer" nie? -- Nee, die mense wat met hierdie voorstelle gekom het laas, dit is op die 26ste, is nie dieselfde mense aan wie hierdie pligte oorgedra was vroeër nie en ek het dus nie die mense gesien met hierdie bespreking van hierdie nuwe voorstelle nie.

Kyk, u gaan nie daarby verbykom nie. Toe u nou hoor hier gaan ŉ mars wees en julle gaan nou, soos u nou beweer, die raadslede aanspreek oor die huur en julle griewe, hoekom het jy op daardie stadium nie teruggegaan na Edith toe en na Esau toe en die bestuur van die VCA en gesê "Sê eers vir ons, het julle gedoen wat julle ŉ jaar terug gesê het julle gaan doen voor ons hier begin marsjeer en die raadslede gaan skuld gee"? -- Toe ek na hierdie vergadering toe is in die eerste plek het ek nog nie geweet dat daar nou so ŉ voorstel gaan wees van ŉ optog nie. Tweedens, Edith of Esau is nie die mense wat vir ons by hierdie vergadering gesê het van ŉ optog nie. Dus kon ek dit nie vroegtydig bevraagteken het aan die mense nie.

<u>HOF</u> : Watter vergadering praat u nou van? -- As ek reg verstaan het, die stelling van die Staatsadvokaat het betrekking gehad op die vergadering van die 26ste. Die antwoord is dus gebaseer op daardie stelling.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : My Lord, could I appeal to My Learned Friend, I am sorry to do it and I know that I myself am guilty of it from time to time, to avoid judgmental comment before his questions.

COURT : No comment from me, Mr Bizos. You have heard the request, Mr Fick. Actually I cannot avoid saying something and that is that throughout this case I have heard a lot of judgmental comment or let us say anticipatory comment.

MNR. FICK : Sê u vir die Hof, watter dag het u die eerste keer gehoor dat daar ŉ protes mars gaan wees op 3 September? -- Die 26ste.

Die vergadering van die 26ste was ŉ VCA vergadering. Is dit reg? -- Nee, dit was Gebied 7 se komitee wat daardie vergadering daar geroep het.

En Gebied 7 is VCA se komitee?-- Ja, dit is ŉ komitee wat in samewerking is met VCA.

Die laaste keer sal ek u vra. Van daardie 26ste toe u nou hoor van die mars, hoekom het u nie na Esau toe gegaan of na Edith toe of enigiemand van die bestuur van die VCA en gesê "Kyk, hierdie mense van Gebied 7, hulle het hier resolusies aanvaar van ŉ mars na die raadslede toe, maar vertel ons nou eers, het julle julle kant van die saak skoongehou?"-- Dit is nie die komitee van Gebied 7 wat besluit het dat daar ŉ optog moet wees nie. Die komitee se pligte was dinge wat te doene gehad het met die gebied wat hulle verteenwoordig.

HOF : Wie se optog was dit dan? -- Die gemeenskap wat daar bymekaar was het besluit op hierdie optog.

En is daar gestem wie sal die leier wees van die optog? -- Nee, nie by hierdie vergadering nie. Geen stemmery

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het plaasgevind nie. Al wat daar gesê was, was dat ons gaan op hierdie dag ŉ optog vorm.

Basies was die hoof van die optog Esau Raditsela? -- Ongelukkig wat·ek sal sê is dat toe dit besluit was met die optog, was Esau nie by hierdie vergadering gewees nie en tweedens, Esau is nie die persoon wat eintlik voorgestel het daar dat daar ŉ optog moet wees nie.

Was Esau nie uiteindelik die hoofleier van die optog nie? -- Behalwe in breë trekke wat ek kan sê is dat hy was die vise-voorsitter van die organisasie en hy was ŉ lid van die komitee wat teenwoordig was by hierdie optog. In daardie sin kan dit miskien gesê word dat hy die hoof was, maar andersins was hy nie in daardie hoedanigheid gewees in hierdie optog nie.

HOF : Kyk, ŉ mens moet tog duidelikheid kry. Iemand is gewoonlik die organiseerder van ŉ ding. Dinge gebeur nie vanself nie. Wie was van hierdie optog die organiseerder? -- Kortliks is dit hierdie prentjie wat ek aan u wil oordra. In die afwesigheid van Esau op die 26ste, besluit die mense by ŉ vergadering op die optog. Na die vergadering is daar ŉ vergadering gehou, dit is die vergadering waarna verwys word as die vergadering van die 2de. Ek was nie teenwoordig by daardie vergadering nie. Wat ek wel verneem het is dat Esau by hierdie vergadering teenwoordig was. Dit is nou wat ek verneem het. Ek was nie persoonlik daar gewees nie, maar by daardie vergadering is waar die besluite geneem was en die organisasies bespreek was van hierdie vergadering. Byvoorbeeld, om sekere take aan persone te gee. Esau was daar gesê by hierdie vergadering, verstaan ek, dat hy in ŉ hoë posisie geplaas gaan word omrede hy ŉ vise-voorsitter is

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die organisasie en tweedens hy dien in die senior komitee. Onder daardie omstandighede word hy dan in 'n hoë posisie geplaas met betrekking tot die optog. Wat ek daar probeer sê is dat dit was nie op die 26ste aan hom oorgedra of hy was nie daardie dag uitgewys as 'n persoon wat sekere dinge sal moet doen om te organiseer vir die optog nie.

HOF : Was dit 'n VCA optog of was dit nie 'n VCA optog nie? -- Ek sê dit was die gemeenskap se optog. Dit was nie die VCA s'n nie.

Onder leiding van die VCA of nie onder leiding van die VCA nie? -- Ek sal so sê, aangesien die opsigters daar by hierdie optog mense was wat lede is van VCA se komitee, sal ek dan sê dat die optog onder die VCA se toesig daar beweeg het.

MNR. FICK : Dit is 'n halwe waarheid, nie net onder sy toesig nie, want u van die VCA, Reverend Mahlatsi, volgens u nou en die derde persoon van die VCA het voor geloop. -- Ja, u is reg.

Julle het die ding gelei? -- Nee, nee, nee. Ons het nie die ding gelei nie. Ons het daar voor gestap.

Ons sal verder daaroor argumenteer, maar ek wil net aan u stel, dat hierdie was 'n VCA optog gereël deur VCA wat VCA gelei het uiteindelik ook en VCA sou die memorandum, dit is volgens die verdediging se saak, gaan oordra aan die Administrasieraad, nie die gemeenskap nie, VCA sou dit gaan oordra. Wat sê u daarvan? -- Dit was besluit deur die persone teenwoordig daar van die gemeenskap by hierdie vergadering dat daar 'n optog moet wees. Dit was nie 'n voorstel wat van die VCA komitee af gekom het dat die mense 'n optog moet vorm

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Besluite was geneem by die vergadering. Dit is die vergadering net voor die vergadering van die 2de waar die mense nou gesê het "Kyk, nou het ons gehoor wat die mense se griewe is. Nou moet ons dit op ŉ manier opstel om dit te kan oordra aan die Administrasieraad.

HOF : Net vir duidelikheid. Die vergadering net voor die vergadering van die 2de, praat u van ŉ openbare vergadering of van ŉ komiteevergadering? -- Dit was ŉ openbare vergadering gewees.

Was dit op 26 Augustus waarvan u praat? -- Ja.

MNR. FICK : Nou stel ek dit ook verder aan u dat Esau Raditsela het rondgegaan by die verskillende vergaderings in die Vaal en hy het die gebeure daar gekoördineer en gekyk na die besluite. Hy het gekyk dat die resolusies aanvaar word van ŉ opmars op al die vergaderings? -- Ek weet nie hoe kan u dit vir my so stel nie, want ek was nie saam met Esau gewees soos u nou beweer nie. Ek was in ŉ vergadering gewees. Dus was ek nie by waar hy nou geloop het nie. Ek het hom ook nie by die vergadering gesien waar ek was nie. Dit is hoekom ek sê ek was nie saam met hom gewees nie.

Ek stel aan u verder, daar is niks gedoen oor hierdie take wat opgedra is op 9 Oktober 1983 aan die VCA nie en uself het ook niks navrae daaroor gedoen toe u bewus geword het van die opmars nie, vir die eenvoudige rede, julle het nooit ŉ plan gehad om iets te doen aan hierdie take wat aan julle opgedra is en om iets te doen aan die griewe nie? -- Kyk, ek sal ŉ baie kort antwoord vir u gee daar. U praat met my nou hier in die hof en vra vir my of ek soontoe gegaan het. Ek sê namens myself ek het nie gegaan nie. Ek weet nie van die ander mense nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek stel dan ook verder aan u dat julle wou net uitvind wat die griewe, die "day to day issues" is daar in die Vaal en dan het julle die gebruik om die mense te mobiliseer. Dit is al wat daar gebeur het? -- Ja, u is heeltemal reg as u sê die gebeurtenisse van elke dag was bespreek, maar dit was nie met die doel om enige mens te mobiliseer nie. Ek self was nie gemobiliseer deur enigiemand nie. Wat ek van praat is my eie ondervinding van wat met my persoonlik gebeur het. Byvoorbeeld die verwydering van my van die huis af. Dit het met myself plaasgevind. Dit is een van my ondervindings. Niemand moes my daarvan gesê het om my te mobiliseer nie.

HOF : Het jou eie dinge jou gemobiliseer? -- Wat met my gebeur het, het my geleer om te besef dat ek nou sukkel.

MNR. FICK : U was reeds van 19 Februarie 1984 op die bestuur van Gebied 7, VCA. Is dit reg? -- Ek is op daardie dag gekies, ja.

Een van u take was, u moes na die belange van die gemeenskap in daardie Gebied 7 omsien, hulle klagtes? -- Nee, nee, nee, u het dit verkeerd. Toe ek daar gekies was, was dit 'n ooreenstemming tussen ons, die gemeenskap daar dat ek gekies word op een voorwaarde met hierdie verstandhouding, dat as daar probleme is, sal ons bymekaar kom en daaroor praat. Nie dat ek in die mense se probleme moet gaan kyk nie. Dit is nie so nie.

Maar die hele Gebied 7 areakomitee se idee was om toe te sien na die belange van die mense in daardie gebied? -- Ja, in Gebied 7.

As sulks het u dan nie van daardie tydperk af al begin vir die mense vra "Maar wat het van die take geword wat

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die gemeenskap julle opgedra het op 19 Oktober 1983" nie? -- Wie moes ek gevra het?

Die mense van die VCA, die uitvoerende bestuur? -- Nee, nee, ek het mos nou net vir u gesê ek was gekies op die komitee van Gebied 7, wat net te doene gehad het met Gebied 7. Ek het geen rede hoegenaamd gehad om nog met die besturende komitee van VCA te gaan inmeng nie.

Nee, u is gekies op die bestuur van Gebied 7? -- Nee, nie net alleen op die bestuur nie. Ek is daar gekies met die oog daarop dat ons mekaar gaan help om na die probleme te kyk.

HOF : Maar kan ek u net 'n ding vra. Was die paaie in Gebied 7 almal in orde? -- Nee, nie almal in orde nie.

Wat het u gedoen in verband met die paaie? -- Ons het nog nie in ons besprekings gekom by daardie punt van die paaie, wat gedoen moet word aangaande die paaie se toestand nie.

Het julle die paaie nie bespreek nie? -- Nee, nog nie. Dit wil sê ons by die komitee.

Hoekom nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het nie al die vergaderings van die komitee bygewoon nie. Daar was wel sekere dinge wat bespreek was by die komitee se vergaderings. Dit kon miskien gewees het dat as gevolg van die ander dingetjies wat vroeër bespreek was, dit die rede is hoekom ons dit nog nie bespreek het nie.

Kom ons vat 'n ander onderwerp. Die ligte, die straatverligting, was dit in orde in Gebied 7? -- Daar was beligting gewees van die hoë masligte wat ver van mekaar gestaan het.

WAs dit voldoende? -- nee, dit was nie voldoende gewees nie, want die beligting het nie al die plekke gedek nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit bespreek? -- Dit is voor ons by daardie punt gekom het om te bespreek.

Was daar 'n creché nodig? -- ja.

Is dit bespreek? -- Ons het dit nog nie bespreek nie.

Was die parke voldoende? -- Ek kan nie onthou of daar enige parke is nie. Daar is nie 'n park in Gebied 7 nie.

Het julle enige verdere behoeftes gehad in Gebied 7? -- Ja, baie. Ons het dit nodig gehad, ons behoeftes.

Wat was fout? -- Gebied 7 se huise het nie almal elektrisiteit nie.

Is dit bespreek? -- Nee, dit is voor ons by daardie punt van bespreking gekom het.

Watter verdere foute is daar in Gebied 7? -- Die strate.

Wat is verkeerd met die strate? -- As dit net gereën het is daar nie 'n plek waar 'n mens kan beweeg in die strate van Gebied 7 nie. Tweedens, die omheiningsdrade. Dit was laas gedoen deur die Administrasieraad. Indien 'n mens omheiningsdraad nodig gehad het, dan moes daardie persoon self daarvoor betaal het. As die gereën het, na die reën, sien jy net mense loop op ander mense se persele omdat hulle nie in die strate kan beweeg nie.

Is dit bespreek? -- Dit was die probleme wat ons gehad het aangaande die strate. Dit was nog nie bespreek nie.

As julle al hierdie dinge nie bespreek het nie, wat het julle wel bespreek? -- Een van die vergaderings wat ek bygewoon het, was daar iemand gewees wat kom kla het oor 'n huis wat gesluit was. Die ander vergadering, terwyl ek daar was, het 'n persoon kom kla oor 'n huis wat die persoon gekoop het en klaar daarvoor betaal het en die huis is nogtans gesluit. As ek reg onthou is dit een van die vergadering - dit is

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die vergaderings waar ek was waar hierdie probleme bespreek was.

En wat het julle besluit wat sal julle doen daaromtrent? -- Dit is nou met betrekking tot die persone wat kom kla het?

Ja, daar is die een wie se huis gesluit was. Wel, twee mense se huise is gesluit. Wat die vroumens betref het ons besluit dat ons voorsitter die superintendent moet gaan sien daaromtrent. Hier by die tweede een het ons besluit dat die persoon na die Civic Centre toe moet gaan by die kantore van die mense wat te doene het met die verkoop van huise en hierdie saak by hulle gaan stel en die persoon sal moet terugrapporteer aan ons wat daar gesê was, hoe ver die persoon gevorder het. Soos ek alreeds gesê het, daar is van die vergaderings wat ek nie bygewoon het nie. Daar kan wees dat daar iets anders bespreek was by die vergaderings wat ek nie bygewoon het nie. Dit sal ek nie weet nie.

MNR. FICK : Daar is in ieder geval geen suksesse aan u gerapporteer op die vergaderings wat u wel bygewoon het oor enige van hierdie ander goed waarvan u praat nie? -- Bedoel u die terugvoerverslag oor hoe hulle gevorder het daar waar hulle gaan kla het?

Dit is korrek? -- Daar was 'n terugvoerverslag gewees.

Van wie? -- Die eerste vergadering het ons besluit dat die voorsitter die superintendent gaan spreek. By die volgende vergadering het die voorsitter aan ons teruggerapporteer dat die superintendent verdere vergunning gegee het aan die persoon, dit wil sê meer dae gegee het. Wat die tweede een ook betref het ek dit te hore gekom dat die persoon was by die Civic Centre gewees. Met die nasienwerk wat daar gedoen was, was die persoon eintlik geregtig op 'n terug-

betaling/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betaling, wat wel gedoen was deur die mense van die Civic Centre.

Ek dink ons het mekaar mis verstaan. Ek bedoel by hierdie vergaderings waar u wel was van Gebied 7 areakomitee, was daar enige rapporte gemaak aan u oor suksesse wat die areakomitee behaal het, selfs in u afwesigheid, in verband met hierdie goed wat u genoem het, die creché, die ligte, die paaie, die parke, die rommelverwydering, die huise, die elektrisiteit? -- Ek het nou net vir die Hof gesê dat wat my betref was daardie punte nog nie bespreek gewees nie. Het ek geweet sou ek vroeër daarvan gepraat het toe die Hof my daaroor gevra het, maar ek praat nou van wat ek weet.

Stem u saam die Gebied 7 areakomitee is deel van die bestuurstruktuur van die VCA?

HOF : Sal u eers vir die getuie beduie wat u bedoel met bestuurstruktuur.

MNR. FICK : Dit is 'n vorm van bestuur wat deur VCA beheer word in die verskillende gebiede van Lekoa? -- Die komitee van Gebied 7 werk saam met die VCA, want selfs toe die verkiesings daar gedoen was, 'n persoon wat in die VCA dien, was gekies as 'n voorsitter van die komitee van Gebied 7.

En Gebied 7 se gebiedskomitee is verantwoording verskuldig aan die VCA se uitvoerende bestuur? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie. Ek het nou net vir die Hof gesê Gebied 7 se komitee staan op sy eie.

Maar wat sê u nou, wat is die verband tussen die Gebied 7 komitee en die VCA? -- Met die stigting van VCA is daar verskillende persone gekies wat as verteenwoordigers sou dien. Dit was besluit dat hierdie persone by hulle areas dan komitees sal moet stig as gevolg waarvan dan 'n Gebied 7

komitee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

komitee dan gestig is wat net te doene gehad het of wie toesig oor Gebied 7 gehad het. Met dit wat ek nou verduidelik het, kan u nou self besluit watter is watter.

Ek gaan nou afstap van hierdie onderwerp. Ek maak net ŉ stelling aan jou dat VCA het weer die toesig gehad oor Gebied 7? -- Nee, die "executive" van VCA het ons nie beheer nie.

Ek sal dit verder argumenteer. Ek wil u net verwys na AN13. Net twee goed. Eerstens, sal u sien amper in die - tussen die derde laaste en tweede laaste getikte reëls, (10) is daar ingeskryf ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons eers vir die getuie vertel wat dit is. AN13 is ŉ lys met die resolusies van die VCA wat geneem is volgens die getuienis op die stigtingsvergadering op 9 Oktober 1983.

MNR. FICK : Net bo die tweede laaste getikte resolusie is daar ingeskryf - ek sal maar die boonste stukkie ook vir u lees "We hereby resolve to: Form area committees of the association." Stem u saam met daardie resolusie?

HOF : Die vraag is dus, is dit besluit dat daar gebieds-(20) komitees van die vereniging gestig sou word? -- Wat ek weet is dit was gesê by hierdie vergadering dat die mense wat gekies word, sal komitees stig by hulle areas van wonings. Ek weet nie of dit geskryf was, al dan nie.

MNR. FICK : As deel van die VCA sou hierdie komitees gestig word. Dit is wat besluit is. Stem u saam? -- Ek het nou net verduidelik op u vraag dat daar mense was wat gekies is wat die komitees gestig het en dit is toe u nou later gesê het u sal dit nie verder voer nie. Dit is voor u vir my hierdie papier gebring het. Ek hou vol met hierdie antwoord(30)

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van my.

HOF : Die getuie sê as jy een maal gesê het jy sal ŉ saak nie verder voer nie, jy daarby moet bly.

MNR. FICK : Ek sal dit in elk geval daar laat. Dan wil ek u verwys na die laaste getikte deel. Daar staan "In accordance with our commitment to unity in action, we resolve to work with other organisations" dan is daar ingevul "in our area and in other areas working outside government created structures with similar problems."

HOF : Maar is die deel nou nie deurgehaal nie? "Working outside government created structures" en dit lyk of ŉ ander deel ook deurgehaal is.

MNR. FICK : Dit is korrek. Ek wil net van die getuie weet is daar enigiets gesê oor sekere begrippe in hierdie ding wat deurgehaal is? -- U sê dan self dit is deurgehaal?

Ja-nee, dit is nie wat ek u vra nie. Eerstens wou ek by u weet, is daar op hierdie vergadering gepraat oor "unity in action"? -- Wat ek verstaan het wat daar gesê was, was dat die mense van Lekoa sal bymekaar moet kom en ŉ eenheid vorm in samewerking van hulle aksie daar.

Was daar enige bespreking of die VCA sou saamwerk met organisasies wat buite "government created structures" opereer? -- Maar ek het gister vir die Hof hier gesê wat daar gesê was, was die volgende, dat VCA in samewerking gaan wees met ander "civics". Dit is wat ek verstaan het wat daar gesê was.

HOF : U kan nie een besluit neem een plek en dan weer dieselfde ding oorgaan met die getuie op ŉ ander plek nie. Daar is verskillende plekke waar daar staan van samewerking. U het gister die onderste paragraaf behandel. Nou behandel



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u die deel wat deurhaal is, wat dit vervang het, maar dit is maar dieselfde ding.

MNR. FICK : Ja, ek wou net uitgevind het of daar enigiets gesê was oor die organisasies. Nou wil ek oorgaan met u na ʼn ander aspek toe, steeds van die vergadering van 9 Oktober. Was daar op die vergadering ʼn beroep gedoen op die jeug om deel te neem aan die politiek? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Ken u ʼn lied met die naam Mandela wethu siyamlandela? -- Ek het daarvan hier in die hof gehoor.

En ken u ʼn ander lied met die naam van Sizo badubula nge mbai mbai? -- Nee, ek en nie daardie lied nie. Ek het dit hier gehoor toe daarvan gepraat was in die hof.

Die oggend van die 9de toe u daar na u siek broer toe is, ek het die indruk gekry u is alleen soontoe? -- Ek sê nou nog so.

En u sê die plek waar die vergadering gehou was van 9 Oktober 1983, hoe ver was dit ongeveer van u huis af? Was dit baie ver? Kon ʼn mens loop? -- Al wat ek vir u kan sê is, ek woon in Gebied 7. My broer woon in Gebied 12.

Ry ʼn mens normaalweg bus soontoe? ʼn Mens kan nie loop nie? -- As jy miskien wil oefen of besig is om te oefen, dan kan jy te voet stap. Andersins nie.

Is u die enigste lid van u familie wat hierdie vergadering bygewoon het? -- Van wie se familie?

U familie? -- Ja, ek is alleen soontoe, maar my vrou in die geselskap van Rina het ook daar opgedaag by hierdie vergadering.

Waar was u vrou gewees toe u weg is by die huis? -- Toe ek die huis verlaat het, was sy in die huis tuis.

HOF : Dit is nou Rina Mokoena wat u van praat? -- Ek praat

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van my vrou. Toe ek die huis verlaat het, was sy tuis.

Ja, maar u het Rina se naam genoem. Was dit Rina Mokoena of 'n ander Rina? -- Ja.

MNR. FICK : Het u vrou vir u gesê wat sy beplan om te doen die dag toe u daar weg is na u siek broer toe? -- Ek vra haar nooit wat sy sal doen in my afwesigheid nie, al is dit ook wanneer.

Was dit 'n verrassing vir u om haar op die vergadering te sien? -- Nee, daar is niks wat verrassend is daaraan nie.

Het sy nie voor die tyd vir u gesê "Maar kyk, ek gaan na 'n vergadering toe vandag, wil jy nie saam gaan nie?" -- Sy het my nog nooit genooi na enige plek toe of 'n vergadering waarheen sy gaan nie. Eintlik het ek nog nooit vantevore aan haar instruksies gegee dat sy elke keer vir my moet sê waarheen sy gaan nie.

HOF : Is julle op sprekende voet? -- Baie goed.

En u vra nie vir haar wat gaan sy vandag maak nie? -- Nee, behalwe miskien kan ek dalk vir haar vra "Wat se kos het jy vandag gekook? Is dit gaar kos of is dit halfgekookte kos of wat is die toestand van die kos?" Dit is miskien dat ek haar daaroor kan vra "Hierdie kos is nie gaar nie. Waarnatoe was jy gewees as jy nie so goed gekook het vandag nie?"

MNR. FICK : U het seker na die vergadering met u vrou gepraat? -- Ja, soos gewoonlik. Ek praat met haar.

Hoe het sy by die vergadering uitgekom? -- Ek weet nie, maar wat ek wel verneem het is dat sy was kerk toe saam met Rina in Gebied 11. Vanaf die kerk het hulle nou by hierdie vergadering aangedoen.

U het darem seker intussen uitgevind hoe dit nou

gebeur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebeur het dat sy van die kerk af na die vergadering toe gegaan het? -- Nee, maar dit is al wat ek geweet het. Ek het haar ook nie uitgevra hoe dit gekom het dat sy soontoe gegaan het nie en sy het ook nie op haar eie besluit om vir my ŉ rede te gee nie.

U weet, ek vind dit baie vreemd. U is op ŉ vergadering wat u glad nie beplan het om by te kom nie en hier kry u u vrou en u vra nie vir haar hoe kom sy by die vergadering nie? -- Wie sê ek het my vrou daar gevind?

Nee, ek sê u weet u vrou was op die vergadering? -- Ek sê my vrou het later daar opgedaag.

U antwoord nie die vraag nie. Ek sê vir u dit is vir my baie vreemd, u beland op ŉ vergadering wat u glad nie beplan het om die dag na toe te gaan nie? -- Ek het nie belange gehad nie.

U vrou was ook op die vergadering die dag. U het haar laas by die huis gelos en u vra nie vir haar "Hoe kom jy hier, wat gaan aan?" nie? -- Ek het nou net vir die Hof gesê dit is nie my gewoonte om my vrou te vra waarnatoe gaan sy en hoekom sy soontoe gaan nie. Dus het ek haar nie gevra nie.

Ek stel dit aan u en u vrou het na daardie vergadering toe gegaan, dit was so beplan gewees. Dit is nie ŉ toevalligheid dat u daar uitgekom het nie. Dit is hoekom u nie vir u vrou vra hoe kom sy hier nie? -- U is buite die grens van die waarheid as u so sê.

U vrou, het u haar gesien op die vergadering? -- Ek sê dan nou net dat ek haar by die vergadering gesien het.

Waar by die vergadering het u haar gesien? -- Binne-in die gebou waar die vergadering gehou was.

Waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar binne die gebou? -- ŉ Entjie binne die vertrek vanaf die ingang naby die muur.

Het sy gesit of het sy gestaan daar teen die muur? -- Hulle het gestaan.

Op die vloer onder tussen die gehoor? -- Die verhoog was vol gewees. Hulle het net daar naby die deur gestaan net by die ingang naby die deur.

As u sê die verhoog was vol, hulle was nie op die verhoog nie? -- Dit is wat ek sê.

Sy was nooit op die verhoog nie? -- Miskien is ek nie duidelik genoeg nie. Ek sê hulle het by die deur binne die gebou gestaan.

Want hoekom ek dit vir u stel, want Rina Mokoena, dit is aan haar gestel dat u vrou het op die verhoog gesit? -- Ek vertel wat ek van weet.

Ek sal vir u lees wat daar staan.

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. FICK : Dit is volume 38 bladsy 1 769. Dit gaan oor die vergadering van 9 Oktober 1983 "I am going to put to you (dit is nou aan Rina Mokoena) that at the launch you were seated on the platform next to Mrs Ramakgula, the wife of accused no. 9." -- Ja, ek sal dit nie betwis nie. Ek sal vir u sê, weens die probleme met die kommunikasie tussen myself en die prokureur, kan dit wees dat hy my verstaan het dat ek van die verhoog praat. Miskien het ek verduidelik dat die mense naby die verhoog gestaan het bymekaar en hy het dit verstaan asof ek gesê het dat die persone op die verhoog was. In hierdie verduideliking van my probeer ek dit nou reg te stel soos ek nou vir die Hof vertel wat die toestand was daar, wie het waar gesit en gestaan.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Ja, maar u verduideliking gaan nie vir my heeltemal op nie, want u sê miskien het u verduidelik hulle was naby die verhoog en ek het van u verstaan hulle was naby die deur. -- Nee, nee, u is heeltemal reg. Mag ek miskien die plek aan u verduidelik, hoe die plek daar staan om my verduideliking te kan volg?

Ja? -- Wat ek nou wil verduidelik is, byvoorbeeld hier by die twee verslaggewers, dit is waar die verhoog begin na die hofbank toe en die deur is maar dieselfde deur soos daardie ingang langs die twee verslaggewers, as 'n persoon daar inkom, dan kry jy die trappies op na die verhoog toe aan jou linkerkant en hier kom die mense nou ingestap 'n entjie binne-in. Dit wil sê tussen waar die begin van die verhoog is en die deur. Nou is die mense naby die deur en naby die verhoog self.

Is die deur 'n sydeur? -- Ja, daar is een ingang daar en dit is 'n sydeur, soos ek beskrywe. Dit is aan die linkerkant.

Ja, die verslaggewers sit ongeveer 'n meter en 'n half vanaf die deur en die verhoog sou dan ongeveer - u het gesê die verhoog het daar begin waar u staan of daar waar die verslaggewers sit? -- Die verhoog begin aan die anderkant by die dameverslaggeefster.

Die verhoog sou dan ongeveer 'n meter en 'n half begin het vanaf die deur.

MNR. FICK : Maar dit is nie al waar die probleme eindig nie, want u sê nou vandag hier vir die Hof hulle het gestaan daar en nou staan dit hier dit is gestel hulle het gesit op die verhoog? -- Ek sê nou nog dat hulle daar gestaan het by die punt wat ek van praat. Soos ek al vroeër gesê

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het, miskien weens die swak kommunikasie tussen my en die prokureur het hy my mis verstaan dat ek bedoel het hulle het daar gesit.

Toe u nou hoor hier in die hof word die verkeerde stelling gemaak aan Rina, hoekom help u nie u advokaat reg en sê maar hier is 'n misverstand nie? -- Op daardie tydstip wat daardie stelling gemaak was, het dit nie in my gedagte gekom om dit onmiddellik reg te stel nie. Ek het aanvaar dat ek dit kan regstel terwyl ek getuig.

En toe u getuig het, hoekom het u dit nie reggestel nie? Hoekom moet u eers gevra word? -- Nee, maar ek het dit nou reggestel. Hoe sou ek nou sommer skielik die ding begin regstel sonder dat ek geweet het dat u my daaroor vra? Want hier staan ek om vrae te beantwoord. Ek het nie hier kom staan om sekere dinge reg te stel nie.

U sê u vrou was nie op die verhoog nie? -- Ek het alreeds so verduidelik.

En u sê Rina Mokoena ook nie? -- Ek het al verduidelik.

Rina Mokoena sê sy was op die verhoog? -- Ek praat van die posisie waar ek haar gesien het.

Die saal was baie vol?

MR BIZOS : Before My Learned Friend goes on, may I draw Your Lordship's attention in relation to his main contention put to this witness that he was being untruthful as to whether his wife came there by accident or not. He is of course entitled to infer matters, but if a State witness has said what the witness has said, because Your Lordship will see on approximately line 17 - 16 and 17 on page 1 769. I may as well put it in full "Because I am going to put to you that you were at the launch meeting on 9 October 1983 at the

Roman/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Roman Catholic Church in Sebokeng, do you recall that? - I do remember my husband telling me about meetings he attended at the Roman Catholic Church and I remember an occasion on my way from church, I decided to pop in and see what was happening there. On arrival I found them speaking English and no interpreter. When I arrived there they were speaking English. I was long, for a short while there, then I left." "I am going to put to you that at the launch you were seated on the platform next to Mrs Ramakgula, the wife of accused no. 9? - That is exactly what I am saying. I did arrive there. That is true." "Did you pop in and land on the platform?" That was Your Lordship's question and the answer was "Yes." The point that I am making is this. My Learned Friend chose to put to this witness on deduction, on probabilities that he was not telling the truth that this was an accidental arrival by his wife at the meeting. It happens to be the State's evidence that it was an accidental arrival from church.

MNR. FICK : Van Rina Mokoena.

HOF : Wel, hulle was saam die twee.

MNR. FICK : Met respek, dit staan nie hier hulle was saam nie. Hulle het op die ou end saam gesit op die platform.

HOF : Ja?

MNR. FICK : Wat was die kommunikasieprobleem tussen u en u prokureur? -- Maar ek het nou net vir die Hof hier gesê dat ek verstaan nie die Blanketale so goed nie.

Was daar 'n tolk? -- Waar?

By die konsultasie? -- Ek kan nie onthou nie, maar ek het nog nooit die tolke gesien wat hulle gebruik met konsultasies nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En met u konsultasie met die advokaat, het u daar 'n tolk gehad? -- Nee, daar was nie 'n tolk gewees nie, behalwe dat ek miskien iemand gevra het wat daar teenwoordig was en vir hom gevra het "Kyk, help my hierso 'n bietjie. Ek verstaan nou nie mooi nie."

Watter taal is gebruik deur die persoon wat u verklaring geneem het? -- U het mos gehoor wat sê die mense daar. Die verdedigingsadvokate praat mos net Engels voor u. Hulle het Engels gepraat.

En u verstaan nie 'n dooie woord Engels nie, het u vir die Hof gesê? --Maar ek het nou net vir u gesê ek het ander mense gevra om my te kom help luister na wat gesê word.

Wie is dit? -- Van my mede-beskuldigdes wat die tale ken.

Het hulle getolk? -- Hulle het daar gepraat en oorgedra aan hom wat ek sê.

Watter beskuldigde het daar opgetree en oorgedra wat u sê? -- Kyk, ek weet nie, want almal van hulle wat in staat is om my te help, het my gehelp. Ek het nie 'n spesifieke tolk gehad tussen hulle dat daardie persoon nou vir my as 'n tolk optree nie. Hulle het hulle eie probleme. Hulle het hulle eie sake om voor te berei en hulle moet daarna kyk en aandag daaraan gee.

Verstaan ek u nou reg, die hele klomp van u is saam gekonsulteer? Wat u sê hoor al die ander dan nou? Dit is hoe die konsultasie aangegaan het? -- Die een wat tyd gehad het op daardie tydstip wat ek besig was met die konsultasie, het my gehelp, want selfs die prokureurs, hulle kom nie daar net om vir my alleen te sien nie.

Watter beskuldigde sê u het u gehelp? Kan u een noem,

een/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

een onthou spesifiek? -- Kyk, oorspronklik was ons twee-en-twintig beskuldigdes gewees. So, u sal net een moet aftrek, dit is myself. Dan enigeen van die een-en-twintig kon my gehelp het.

Ag nee, kyk, ek was nou nie daar nie. Wie het u gehelp?

HOF : Die getuie het vir u gesê hy weet nie. Baie mense het hom op baie tye gehelp. U het u antwoord.

MNR. FICK : Voor u by hierdie vergadering opgedaag het van 9 Oktober, daar buite die kerk, was daar enige beamptes wat die publiek gehelp het, "marshalls" of 'n "marshall"?

HOF : Laat ons nou het duidelikheid kry. Gaan ons nie 'n verwarring kry oor die begrip "marshall" nie? Ek het tot dusver onder "marshall" verstaan iemand wat 'n optog of so iets reël. Bedoel u so iets? Of bedoel u 'n plekaanwyser?

MNR. FICK : Dit is die identiese woord wat die getuie in sy hoofgetuienis gebruik het.

HOF : Nou maar goed, tolk dit asseblief? -- 9 Oktober?

MNR. FICK : Was daar enige mens buite die kerk, vergeet nou maar wat ons hom noem, voor die vergadering toe u daar opgedaag het wat u of die publiek gehelp het met betrekking tot die vergadering en gesê het waarheen julle moet gaan en waar julle moet sit en wat gaan gebeur en dié tipe van ding? -- In watter jaar was die vergadering waarvan u praat?

Ons praat nog die heeltyd van die "launch" van die VCA op 9 Oktober 1983? -- Ek het nie sulke persone gesien nie.

U sou hulle gesien het as daar sulke mense buite was? -- Ek het hulle nie gesien nie. Miskien is dit omdat ek direk daar geloop het. Ek het nie probleme veroorsaak nie. Ek het nie mense laat sukkel om vir my 'n plek te gee nie.

Beskuldigde nr. 5, het u hom op enige stadium gesien

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in die vergadering van 9 Oktober 1983, die "launch" van die VCA? -- Ek het hom nie gesien nie.

Tot hoe laat het hierdie vergadering aangehou? -- Ek was daar tot die einde van die vergadering.

Ja, dit antwoord nou nie die vraag nie. Tot hoe laat het hy aangehou? -- Ek het nie na die tyd gekyk om te sien hoe laat dit was nie.

Het u glad nie ŉ idee nie? -- Ek wil nie myself vasbind aan iets nie. Al wat ek kan sê is, ek het daar gebly tot die vergadering uiteen is.

<u>HOF</u> : Was dit al donker? -- Nee, dit was nie donker nie.

<u>MNR. FICK</u> : Het u weer met ŉ bus teruggery na u huis toe? -- Ja.

Watter bus het u gekry? Hoe laat se bus? -- Ek weet nie hoe laat se bus dit was wat ek gehaal het nie.

Dan ook terwyl u buite die vergadering was voor hy begin het, nog dieselfde vergadering, was daar enige persone wat iets verkoop het daar buite aan die publiek? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Toe u by die saal aankom waar die vergadering gehou is, was daar baie mense buite of was daar min mense buite? -- Ek kan nie meer onthou om vir u te kan sê hoeveel mense daar was nie. Al wat ek kan sê is, daar was wel mense gewees.

Maar moes u druk om tussen die mense deur te kom om in die saal in te kom? -- Ek het nie gesukkel om toegang te kry nie.

Was die saal ook nog leeg of was hy al vol? -- Dit is waar, die plek was al heelwat beset. Nie soveel dat ŉ mens miskien nie daar ŉ sitplek kon kry nie. Daar was sitplekke gewees by verskillende punte.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u beskuldigde nr. 14 die dag gesien? -- Wie is beskuldigde nr. 14 nou weer?

Jerry Tlhopane? -- Ek het hom nie gesien nie.

Dit is gestel aan getuie IC.8 dat dr. Motlana laat gekom het, so teen die einde van Shabangu se toespraak en dat Nkondo toe eers gepraat het en toe dr. Motlana. Wat sê u van die stelling? Volume 20 op bladsy 890 en 891. -- Ek het gister hier vir die Hof gesê dat ek nie vir Motlana gesien het met sy aankoms daar nie. Ek het vir die Hof hier gesê, sover as wat my geheue strek, het die persone op die volgende maniere toesprake daar gelewer. Eers Shabangu, Motlana en dan Nkondo. Ek herhaal dit nog. Ek het nie Motlana gesien aankom daar nie.

Dan met betrekking tot die verkiesing van die mense op 9 Oktober 1983 se vergadering, die bestuur van die VCA. Is hierdie mense na hulle verkies is voorgestel aan die publiek, aan die gehoor? -- Ek verstaan nie wat u bedoel met daardie vraag nie, want soos ek sê, daar was eers nominasies gewees van die name en later was daardie mense gekies. So, ons weet presies wie se naam is genomineer en wie is later gekies in daardie pos. Met die gevolg dat dit nie nodig was vir ons om nog gesê te word wie watter pos beklee nie.

Na hierdie mense gekies is en die uitslag uiteindelik bekendgemaak is, is daar nog toesprake gehou? -- Wat se toesprake?

Het enigeen nog gepraat na die uitslag bekendgemaak is en gesê is "Hierdie is die bestuur wat gekies is"? -- Maar dit kom neer op dieselfde vraag wat u my gister gevra het, waarop ek gesê het na aanleiding van u vraag dit is 'n gewoonte dat na mense gekies is, dat daar iemand iets sal sê

daaromtrent/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daaromtrent om dank uit te spreek miskien, alhoewel ek nie kan sê of dit wel hier gebeur het nie, maar al wat ek kan sê uit gewoonte gebeur dit so.

Toe die uitslag bekendgemaak is, is daar gesê dit is mnr. A. van hierdie plek en mnr. B. van hierdie plek of hoe is dit gesê? Is dit net gesê die voorsitter is hierdie man en die vise-voorsitter is hierdie man? -- Maar ek het nou net geantwoord op die vraag. Byvoorbeeld in die geval van die voorsitter. Daar is ŉ nominasie van name. Ons weet alreeds wie die persone is en wat hulle name is. Daar word nou gesê wie het gewen met die stemme. Dan weet ons presies daardie persoon is van so ŉ plek. Dit is so en so, hy het gewen, hy is nou die voorsitter. In die geval van die komitee sê hulle of gee hulle die name. Ons weet die mense is van Gebied 7 byvoorbeeld. Al wat ons moet weet is wie is gekies, want ons het die name van die persone. Dan word dit net gesê hierdie man is gekies en dan weet ons wie is hy van daar af. Dan hoef hulle nie die mense voor te stel nie.

En op hierdie vergadering is net die name gegee van die persone wat gekies is? Niks meer van die mense nie, net hulle name? -- Die volgende het gebeur. Byvoorbeeld dit is die verteenwoordiger van Gebied 7. Ons weet wat die persoon se naam is en die persoon is nou gekies. Die volgende wat dan gedoen sal word is, dit gaan bekend gemaak word aan die gehoor dat die adres van die verteenwoordiger, wat ons alreeds weet wie hy is, is hierdie een in Gebied 7.

Is dit gedoen op hierdie vergadering? -- Dit is wat ek onthou daar gebeur het.

Ek stap nou af van hierdie vergadering. U het op ŉ stadium na Edith se huis toe gegaan? -- Ja, ek het.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En u en sy het daar gepraat oor die griewe wat sy dink van die VCA? -- Ja, maar eintlik toe ek daarheen gegaan het wou ek presies geweet het waar is die woning van Edith. Met my aankoms daar natuurlik, dit is normaal, het ons toe sekere dinge wat probleme was begin bespreek.

U is toe genooi na ŉ vergadering die komende Saterdag? -- Nee, nee, nee. Sy het my nie genooi nie. Sy het gesê indien ek so voel kan ek ook die Saterdag kom, want daar is mense wat daar kom op ŉ Saterdag om besprekings uit te voer. Dit was nie ŉ uitnodiging nie.

Ons sal nou nie argumenteer oor wat is ŉ uitnodiging nie. Het sy vir u gesê wat se vergadering dit is, van wie? -- Sy het nie daarvan gepraat nie.

Het sy net vir u gesê daar is die komende Saterdag ŉ vergadering? -- Nee, sy het nie gesê daar is ŉ vergadering die eerskomende Saterdag nie. Sy het gesê daar is vergaderings op Saterdae. Met die vergaderings kom daar mense na hierdie vergaderings. Nie dat mense gaan kom nie.

En toe sy nou dit vir u sê, het u uitgevind wat se vergaderings is dit, wie se vergaderings is dit wat gehou word? -- Daar was vir my nie ŉ rede om dit te doen nie, want ek sal vir u sê, dit is na ek en sy ŉ gesprek gevoer het. Na aanleiding van die gesprek het sy toe melding gemaak van wat daar gebeur partykeer. Dus weet ek presies nou waaroor dit gaan. Dit gaan oor die gesprekke waarvan ek gepraat het. So, ek het geen rede gehad om haar nog uit te vra daaromtrent nie.

Dan gaan ons terug. Wat het sy vir u gesê toe u die gesprek met haar gehad het oor hierdie eerste bymekaar kom? Wat se gesprek het u en Edith gehad voor hierdie datum?

Watter/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Watter datum?

Waar sy u uitgenooi het - die datum van hierdie Saterdag vergaderings? -- Met my aankoms daar het ek gegroet en sy het terug gegroet en ek het toe gevra hoe gaan dit. Sy het vir my gesê. Ek vra toe vir haar is dit nou waar jy woon by jou ouers se huis en sy het gesê ja. Ek het toe vir haar gesê wie ek is en waarvandaan.

Ek stel nie belang in hierdie persoonlike gesprek nie. Wat ek in belangstel is, wat het sy op daardie stadium vir u gesê wat het u gemaak het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Eintlik is dit van belang waarin die Hof belangstel. Ek moet u eerlik sê ek stel baie min belang in waarmee u nou besig is. Hy het daar by Edith se huis gekom, hulle het gepraat oor vergaderings en hy is na ŉ vergadering toe. Kan ons nie maar daar begin nie?

MNR. FICK : U is toe op ŉ Saterdag na hierdie gesprek - het u besluit om na ŉ vergadering toe te gaan? -- Bedoel u die eerskomende Saterdag na ek met haar gepraat het?

Nee. Die eerste keer wat u op ŉ Saterdag na so ŉ vergadering gegaan het? -- Op ŉ Saterdag was ek in die geselskap van Sefako Mokoena en het ons soontoe gegaan. Dit wil sê na haar woning. Sy was nie tuis nie. Haar ouers het ons haar nommer gegee van ŉ adres om haar daar te gaan soek. Met ons aankoms daar het ek gevind dat dit by Esau was en toe ons daar kom, het dit nie vir my voorgekom of dit ŉ vergadering was daar nie. Ek het net gesien daar is mense bymekaar, maar wat ek nie kan beskryf as ŉ vergadering nie.

Wat het Sefako saam met jou daar gaan maak? Hoekom was hy by? -- In my getuienis wat ek nog gaan herhaal het ek gesê ek het by Mokoena gekuier. Ek en Mokoena was toe

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar in 'n gesprek betrokke. Na 'n tyd het ek gesien dat ek alreeds in Mokoena se geselskap was na hierdie plek toe. Hoe ons bymekaar gekom het om ooreen te kom of hoe dit gekom het dat ek en hy saamgegaan het, kan ek nie verklaar nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : U en Sefako Mokoena, u oom, is toe op pad na hierdie vergadering en julle het gekom by Esau se huis? -- Ja, dit is korrek.

Vir watter doel het u gegaan die Saterdag om 'n vergadering by te woon? -- Ek sê dit was nie 'n vergadering gewees nie.

HOF : Vir watter doel is u na Esau se huis toe? -- Omdat ons op soek was na Edith het ons by Esau aangegaan.

Hoekom was u op soek na Edith? -- Ek het nie 'n spesifieke rede gehad hoekom ek na Edith gesoek het nie. Ek sal maar liewers sê in die algemeen. Ons het na haar gesoek om net met haar te gaan gesels na aanleiding van wat sy vroeër gesê het en het ek besluit ons moet daar gaan aandoen en met haar gesels.

MNR. FICK : U kom toe nou daar by Esau se huis en daar kry u vir beskuldigde nr. 7? -- Ja, dit is so.

Wat was daar aan die gang by Esau se huis? -- Ek kan nie spesifiek vir die Hof sê wat die mense besig was om te doen nie, behalwe dat ek kan sê daar was wel mense gewees wat net daar gesit het.

HOF : Het daar bottels bier gestaan? -- Ek kan nie onthou of daar drank geniet was, al dan nie, maar wat ek wel kan

onthou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onthou is dat mense daar rondgesit het.

MNR. FICK : Waaroor het julle gepraat? -- Ek herhaal dit. Ek kan nie 'n spesifieke bespreking noem nie. Dit was net mense wat daar gewees het in die algemeen wat gesels het, maar waaroor presies dit gegaan het, kan ek nie sê nie.

Het u deelgeneem aan die gesprek? -- Ek sal met mense praat daar. Kyk, hier is mense wat praat. Hoe kan ek sommer stilbly? Ek sal groet natuurlik en dan ook iets sê.

En Edith het toe opgedaag by die plek? -- Ja, nie lank nie, toe het sy ook opgedaag.

En het u toe met haar gepraat? -- Ja, ons het mekaar gegroet en toe begin gesels.

Waaroor? -- Nee, ek kan nie onthou waaroor nie, maar wat ek wel kan sê is, ons het daar gesels.

U weet, ek vind dit baie vreemd wat u vir die Hof sê. U gaan soek vir Edith, u loop na 'n ander huis toe om vir Edith te kry en toe sy nou daar opdaag kan u nie vir die Hof sê waaroor het u gepraat nie? -- Maar ek het nou net vroeër hier in die hof gesê daar was geen spesifieke rede in die eerste plek hoekom ek saam met Sefako Mokoena daarheen gegaan het nie en hoe dit gekom het dat ek saam met hom na Edith toe gegaan het. Met die gevolg dat daar geen spesifieke rede was hoekom ons met Edith wou gesels het nie. In daardie sin, wat ek daarby bedoel is, dit kan wees dat ons miskien net gedink het om Edith te gaan besoek, nie vir 'n spesifieke rede nie en toe het sy daar gekom. Dit was aanvaar sy het nou gekom.

HOF : Was Edith 'n aantreklike mooi jong dame? -- Sy is 'n baie mooi dametjie, baie aantreklik.

MNR. FICK : Julle het geen probleme van die VCA daar

bespreek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bespreek of van die area Gebied 7 met enigeen nie? -- Bedoel u by Esau nou?

Ja? -- Maar ek het alreeds in my getuienis gesê dat ek nie kan onthou wat alles daar bespreek was nie. Met ander woorde, ek kan nie onthou of daar enige melding gemaak was van enige probleme al dan nie.

Daar was toe 'n tweede - in Januarie 1984 het julle 'n vergadering gehou?

HOF : Kan u net vir my sê is dit 'n huisvergadering of 'n algemene vergadering?

MNR. FICK : Skynbaar 'n huisvergadering? -- Ja, dit is reg, ons het 'n vergadering gehou.

Waar was die vergadering? -- By Edith se woning.

Was Sefako Mokoena weer saam? -- Ja, hy was.

Dit was die vergadering waar daar gepraat was in verband met die probleme by die skool, kinders wat geweier het om verder skool te gaan? -- Ja, u is reg.

Die kind wat u van praat, wat u aanvanklik gesê het dit is 'n dogter en toe later 'n seun wat nie u eie kind is nie, wat is die kind se naam? -- Ek het nooit gesê sy is 'n meisie-kind nie. Wanneer het ek dit gesê?

HOF : Laat ons nou maar eers dit 'n seun maak. Wat is die seun se naam? -- Khotso is die seun se naam

En sy van? -- Ramakgule is die van.

MNR. FICK : Is dit die name waaronder hy by die skool ingeskryf was Khotso Ramakgule? -- Ja, dit is sy naam.

U probleme met hom was by die Esokwazi Skool? -- Ja, dit is reg.

En hy het net een keer gedruip, toe weier hulle dat hy moet teruggaan skool toe? -- Ja, by daardie skool.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : In watter gebied is die skool? -- Ek sal sê dit is in Gebied 8, want dit is nie by Gebied 7 nie, maar daar naby.

MNR. FICK : Op die vergadering weet ons nou u was daar en Sefako Mokoena was daar en wie was nog daar? -- Ekself, Rina, Matlole, Mphuthi.

HOF : Dit is beskuldigdes nrs. 17 en 7.

MNR. FICK : Wie nog? -- En nog ander mense wie ek nie nou kan onthou nie. Nee, nee, verskoon my, Sefako se vrou, Rina Mokoena, was ook teenwoordig.

En Edith, was sy daar? -- Ja, sy moes daar gewees het. Dit was by haar woning gewees.

En Modise Mthombeni? -- Ja, hy was ook daar. Ek het vergeet van hom.

Ons weet nou op die vergadering het u oor die probleem by die skool gepraat, maar watter ander probleme het julle nog oor gepraat op die vergadering? -- Nee, dit was net hierdie kwessie van die skole.

Van hierdie klomp, u kind is in die Esokwazi Skool. Sefako Mokoena het hy ʼn kind daar in die Esokwazi Skool? -- Hy het twee meisiekinders gehad op die skool.

Is hulle ook verdere skoolopleiding geweier? -- Dit is so, ja.

En beskuldigde nr. 7? --Nee, hy het nie ʼn kind daar gehad nie.

En beskuldigde nr. 17? -- Hy ook.

Hy ook nie? -- Hy ook nie.

En Modise Mthombeni? -- Ek weet nie dat hy ʼn kind het wat skoollopend is nie.

En Edith dan seker ook nie? -- Ja, dit is reg.

U sê daar was nog ander mense op die vergadering

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat u nie kan onthou nie? -- Ja.

Behalwe nou vir u en Sefako, was daar van hierdie ander mense se kinders wat ook verdere skoolopleiding geweier is alhoewel u nie die mense kan onthou nie? -- Bedoel u by hierdie vergadering wat ons bygewoon het die dag?

Dit is reg? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê ek kan nie onthou dat hulle kinders gehad het op enige skool nie en of hulle kinders gehad het op skool nie.

Daar is toe voorgestel mnr. Nkondo moet genader word? -- Ja, dit is na ons met mekaar daar gepraat het en die ding bespreek het. Toe was daar so 'n voorstel gemaak.

Hoekom wou julle vir mnr. Nkondo by hierdie probleme betrek het? -- In my getuienis-in-hoof het ek dit duidelik gestel dat na aanleiding van die bespreking van hierdie skoolprobleme op hierdie dag daar, het Edith toe hierdie voorstel gemaak dat mnr. Nkondo ons daar moet kom toespreek. Die rede daarvoor volgens haar was dat hy op hoogte is betreffende onderwys. Ek het dit ondersteun omrede ek al gehoor het vroeër toe dit gesê was dat hy te doene het met onderwys.

U het op daardie stadium geweet hy is verbonde aan UDF en het wel met onderwys te doen in UDF? -- Nou nog wat ek hier staan sê ek dit in my getuienis, ek het nie geweet dat mnr. Nkondo 'n lid is van die UDF destyds nie. Selfs soos wat ek hier staan weet ek nog nie of hy 'n lid is van die UDF nie. Behalwe wat ek gehoor het van McCamel toe hy hom voorgestel het as 'n lid van 'n "civic".

Het julle het toe uiteindelik besluit dat Nkondo sal gekry word en dan gaan julle die Maandag vergader? Nkondo sal die vergadering bywoon? -- Nie net dit nie. Die

besluit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

besluit was soos volg. Edith sal vir Esau moet gaan sien sodat hulle dan vir Nkondo kan spreek sodat ons met Nkondo die Maandag in verbinding kan tree om ons kans te verleen om die Dinsdag dan skool toe te gaan.

Weet u wie het mnr. Nkondo toe op die ou end gekontak dat hy moet kom? -- Ek weet nie wie daarin geslaag het om kontak te maak met Nkondo nie, maar wat ek wel kan sê is dat met Nkondo se aankoms daar was hy vergesel deur Esau.

Esau het u nou al vir ons vertel is nie lid van die Gebied 7 areakomitee nie? -- Vir wie het ek gesê?

HOF : Is dit korrek so of is dit nie? Is Esau 'n lid van die Gebied 7 komitee van VCA? -- Nee, hy is nie.

MNR. FICK : Dan weet ek nie waaroor stry u nie. Hy kom toe daar met mnr. Nkondo aan en waar hou julle die vergadering? -- By Ma Mapitsa.

HOF : Is dit nou mev. Mapitsa? -- Dit is mev. Mapitsa.

MNR. FICK : Is dit reg, julle het Nkondo gekontak deur middel van die VCA?

HOF : Net so 'n bietjie. Nkondo is VCA. Bedoel u dat hulle deur middel van Esau vir Nkondo gekontak het?

MNR. FICK : Ja, deur gebruikmaking van Esau in sy ampshoedanigheid as bestuurslid van die VCA.

HOF : Ja, u kan dit stel? -- Nee, dit is nie korrek nie. Ons wou vir Nkondo gehad het. Die voorstel was dat aangesien Esau die persoon is wat Nkondo ken. Hy sal die man vir ons moet kry, maar nie omdat hy 'n lid is van VCA het ons gebruik gemaak van hom in sy hoedanigheid in die VCA nie. Wat dus dan beteken al was daar 'n ander persoon gewees wat nie 'n lid is van VCA nie, wat die man geken het, sou ons daardie persoon gevra het om vir ons daardie man te kry.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Het u geweet dat Esau en Nkondo is bekend aan mekaar? -- Ek het niks daarvan geweet nie.

Het iemand so gerapporteer daar dat Esau en Nkondo is bekend aan mekaar? -- Nee, nie op die manier nie, maar wat wel gesê was, Edith het gesê die persoon wat sy dink Nkondo sal kan ken is Esau.

En u het ook op daardie vergadering, dit is nou voor Nkondo opgedaag het, reeds ŉ besluit geneem wat u dink u gaan doen in verband met die kinders? -- Ja, ons besluit was dat ons skool toe sou gaan en namens die kinders daar gaan praat, dat die kinders weer terug aanvaar word op skool.

Maar hoekom het u dit nie loop doen nie? Hoekom wou u alles bysleep? -- My getuienis was die volgende. Dat ons as die ouers besluit het alreeds wat ons gaan doen vir die kinders, dit wil sê om self skool toe te gaan en namens die kinders daar te gaan praat, maar terwyl ons nou daar klaar besluit het, was daar toe ŉ voorstel gewees van Edith dat ons ŉ persoon moet kry soos byvoorbeeld mnr. Nkondo wat meer inligting het oor skoolgaande kinders en op hoogte is van prosedure van skole om ons dan daar te kon reghelp indien daar enigiets is waarmee hy kan help, aangesien ons baie min geweet het van die prosedure wat gevolg moet word in hierdie tipe probleme op skool. Dit is hoe dit gekom het dat die voorstel aanvaar is.

Hierdie Maandag toe mnr. Nkondo opgedaag het by die vergadering, u was daar gewees, die dame van die huis was daar gewees, mev. Mapitsa? -- Ja, ons was daar.

Wie van die beskuldigdes was nog daar? -- Mnr. Matlolė. Beskuldigde nr. 17. En die ander beskuldigdes? -- Nee, niemand anders nie. Dit wil sê as u my uitsluit, niemand

anders/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

anders nie.

En Edith, was sy daar? -- Nee, sy was nie.

Hoeveel ander onbekende mense was daar? -- Teenwoordig daar was dertig plus persone by hierdie vergadering. Daar was ook kinders gewees.

Van die druipelinge? -- Nee, van die kinders wat weggejaag is by die skool.

U is toe na hierdie vergadering na die skool toe? -- Dit is die volgende dag, ja.

Hoeveel van julle is na die skool toe? -- Ons was meer as die persone wat teenwoordig was by mev. Mapitsa se huis. Ek het nie getel nie, maar ons was meer as daardie getal.

Meer as twee keer soveel? -- Ja, dit is moontlik.

Het julle enige persone aangewys wie sou gepraat het of het julle almal deurmekaar gepraat daar by die skool of hoe sou die ding gewerk het? -- Ons het ooreengekom dat ons mense sal uitwys wat namens ons daar gaan praat. Ons kan nie almal gaan praat nie.

Wie het julle toe uitgewys? - Ek is een van die mense wat daar uitgewys was, Mthombeni, Rina en mnr. Matlole.

Van die mense wat daar moes gaan praat is dit net u en Rina wat werklik belang by die probleem gehad het omdat julle kinders verdere skoolopleiding geweier is? -- Nee, dit is nie ŉ kwessie van wie belangrik is daar dat hy ŉ kind het nie, maar wat belangrik was wat moet oorgedra word, wat moet gesê word namens almal.

U het nie net gegaan as ouers van die kinders nie? -- Ons het soontoe gegaan as ouers van die kinders.

Maar twee van die sprekers, die helfte van die sprekers

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie belang by die saak nie? -- Die ding is dit, volgens die Swartmense se gewoonte, is 'n kind enige ouer se kind. Dit wil sê, 'n ouer al het hy 'n kind daar, dra hy die belang van die kinders net soos hierdie een wat kinders het. Met die gevolg, hy kan namens die kinders gaan praat. Solank daardie persoon van hulp kan wees met daardie probleem wat bespreek moet word.

Voordat hierdie Gebied 7 se areakomitee gekies was, het julle 'n aksiekomitee eers gehad? -- Nee, ons het nie een gehad nie.

Was daar nie 'n komitee wat reëlings getref het vir die stigting van hierdie Gebied 7 areakomitee nie? -- Nee, daar was geen komitee gewees nie, behalwe mense wat net op hulle eie bymekaar gekom het om reëlings te tref, maar ons het nie onsself as 'n komitee beskou nie.

U was deel van daardie mense wat die ding gereël het? -- Ja.

En beskuldigde nr. 17 was ook een van daardie? -- Ja, ek sê so.

En Modise Mthombeni? -- Ja.

En Rina ook? -- Ek sê so.

Dit is nou dieselfde mense wat nou hier gaan praat het oor die kinders se probleem hier by die skool? -- Ek het mos nou net vir die Hof gesê wie almal daar gaan praat het.

Maar kyk, ek wil aan u stel, u het nie eintlik gegaan die hele groep daar om te gaan praat as ouers van kinders wat op die skool weggewys is nie. Julle het gegaan as 'n drukgroep? -- Waarvandaan kom dit?

Nee, ek stel aan u, dit is wat gebeur het? -- U is baie ver van die waarheid.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Net voor ons van die onderwerp afstap. Was daar nie in Gebied 7 by daardie skool ꞌn ouervereniging en ꞌn ouer-komitee nie? -- Bedoel u nou eintlik van die inwoners?

Nee, baiekeer vind ꞌn mens dat die ouers van ꞌn skool van die kinders self op die skool ꞌn skoolkomitee daar het? -- Ek het nie van die bestaan daarvan geweet nie, want ek sal sê ek het ꞌn kind daar gehad oor wie ek toesig gehou het as ꞌn voog en Mokoena het kinders daar gehad. Altwee van ons het nie daarvan geweet dat daar so ꞌn komitee bestaan het by hierdie skool nie.

Hierdie seun van u was 16 jaar oud, dink ek het u gesê? -- Ek skat hom daar om en by.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg en duidelik dat die persone wat daar gaan onderhandel het by die skool Sekwazi, was mense wat op hulle eie as ꞌn groepie besluit het om te gaan praat met die onderwysers en die hoofde daar. Dit was geen deel van die VCA of ꞌn gebied van VCA nie? Is dit reg? -- Ja, ek sê so.

HOF : Wat is dit nou? Was hulle of was hulle nie? -- Hulle was nie.

MNR. FICK : En die groep is ook nie georganiseer en in die lewe geroep deur enige areakomitee van die VCA nie? -- Nee, nie onder VCA nie.

Om dit baie duidelik te maak, niemand van die VCA wat in ꞌn bestuursposisie daar was, het hierdie groep georganiseer, gestig of laat stig nie? -- Nee, nie een van VCA was in dit betrokke nie.

En in daardie tydperk wat hierdie voorval nou plaasgevind het en die onderhandelings aan die gang was by die skool, was daar geen sprake van dat u of enige ander lid van die

VCA/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

VCA wat u van weet ouer-aksiekomitees loop stig het of die "SRC's" soos u dit noem, ook probeer stig het by enige van die skole òf by Boipatong òf by Bophelong?

HOF : Laat ons nou een ding op 'n slag neem. Was daar in u tydperk sprake dat die VCA of u ouer-aksiekomitees gestig het? -- Van wie af?

MNR. FICK : Deur die VCA of enige ampsdraer van hom? -- Nie wat ek van geweet het in daardie tyd toe hierdie voorval daar plaasgevind het nie.

En was daar enige planne om ouer-aksiekomitees te stig in Gebied 7 of Bophelong of Boipatong? -- Ek was nooit betrokke in so 'n voorbereiding nie.

HOF : Nooit daarvan gehoor ook nie? -- Ek hoor daarvan vir die eerste keer soos dit nou aan my gestel word.

MNR. FICK : En u was ook nie betrokke en het ook nie geweet van enige planne van die VCA of enige ampsdraer of areakomitee van VCA nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Ook nie van enige planne wat gemaak was of besig was om uitgevoer te word om "SRC's" by die skole te stig nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie, behalwe die voorbereidings wat ons gemaak het vir die stigting van Gebied 7 komitee.

HOF : Dit het niks te doen met "SRC's" by skole nie? -- Nee, dit het niks daarmee te doene gehad nie.

MNR. FICK : Nou wil ek aan u stel uit BEWYSSTUK O3. Dit is 'n verslag onderteken deur Lord McCamel gedateer 14 Januarie 1984 aan die UDF se algemene vergadering in Transvaal. Ek wil op hierdie stadium net u verwys na paragraaf 4 van O3. "Problems affecting schools. The Zone 7 committee has organised a group of twenty parents to look into problems affecting Evaton and Sebokeng zones. Students who failed

their/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

their internal exams have been turned away from Esokwazi and Tekelu Secondary Schools and same at Tjepetemba High School and the latter is plagued by resignation of about ten teachers. This is forced resignation which is very right in the Vaal. The group has managed to have students recommitted. Plans are afoot to form a parents' action committee and SRC both in this area and the Bophelong and Boipatong area." -- Wat McCamel daarby bedoel het in hierdie verslag van hom sal ek nie kan sê nie, want in die eerste plek die komitee van Gebied 7 is gestig op 19 Februarie 1984. Tweedens, waarvandaan hy met hierdie goed kom, waarvan hy hier praat, weet ek nie wat die oorsprong daarvan is, hoe hy dit bekom het nie, want ons het nog nooit met hom, terwyl ons met hierdie goed onderhandel het daar van die skoolkinders, in aanraking gekom nie. Dit kan wees dat hy miskien hierdie goed daar geskryf het omdat hy gehoor het dit gesê word by die "executive committee" deur iemand wat ek nie van weet nie. Met die gevolg ek kan niks hieromtrent sê nie, want ek weet nie hoe het hy dit gekry nie en tweedens, McCamel was 'n getuie hier in die getuiebank. McCamel moes vir hierdie Hof gesê het dat hy hierdie verslag geskryf het en hoe hy hierdie inligting bekom het. So, ek kan geen kommentaar hierop lewer nie.

Julle verteenwoordiger uiteindelik van Gebied 7 of toe hierdie verslag geskryf is was Edith? -- Wat?

Dit is 'n simpel vraag. Edith was julle verteenwoordiger gewees, Gebied 7 se verteenwoordiger by die uitvoerende komitee van VCA op daardie stadium? -- Dit is voor ons verkies was?

Ek sê Edith Lethlake was Gebied 7 se verteenwoordiger

gewees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees op die uitvoerende bestuur van die VCA op hierdie stadium toe hierdie verslag geskryf is op 14 Januarie 1984. Stem u saam? -- Sy was in die komitee van die "executive" van VCA alreeds destyds, maar wat daar plaasgevind het tussen ons in Gebied 7, alvorens ons gekies was, was ꞌn ding wat gebeur het tussen ons, die inwoners van Gebied 7. Ons het haar nie ꞌn mandaat gegee om dit oor te dra om in hierdie verslag ingelyf te word nie. Dus, wat daar gesê was deur wie ook al, is nie wat ons oor gepraat het dat dit so oorgedra moet word nie. Dus weet ek nie daarvan nie.

HOF : Maar nou wil ek duidelikheid hê. U sê dit was nie, hierdie skoolaksie was nie ꞌn aksie van die VCA nie. Dit was ꞌn aksie van ꞌn groep ouers? -- As ek die ding reg verstaan, kan ek dit op die volgende manier verduidelik. Op die 11de was ons as ouers by die skool gewees.

Die 11de? -- Van Januariemaand 1984 en as ek reg verstaan hierdie verslag is geskryf op die 14de. Dit wil sê na ons alreeds by die skool was en in hierdie verslag word daar melding gemaak van die aksiekomitee van ouers waarvan ek nie weet nie. Hier word melding gemaak van Bophelong en Boipatong wat niks te doene gehad het met ons optrede van die 11de aangaande ons kinders daar nie. Daarom sê ek vir die Hof ons was nie ꞌn komitee gewees of ꞌn aksiekomitee gewees toe ons op die 11de soontoe gegaan het nie. Wie die skrywer van hierdie verslag daarvan gesê het, want ons het nog nie eers vir Edith daaromtrent gaan spreek na ons daar was nie, sal ek nie kan sê nie. Dus kan ek nie verantwoordelik gehou word vir wat daar staan nie.

Ja-nee, maar my vraag is eenvoudig. Dit was nie ꞌn aksie van die VCA nie, maar dit was ꞌn aksie van ꞌn groep ouers

onafhanklik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onafhanklik van die VCA? -- Ja, dit is presies so.

Nou is my probleem daarmee dit, wat het Edith dan met die ding te doen? -- Presies. Dit is dieselfde probleem wat ek ondervind. Die Staat maak die stelling van Edith as 'n verteenwoordiger. Edith het niks te doene gehad met dit nie. Hy het die ding voorgestel van Edith.

Maar was sy nie by julle besprekings nie en het sy nie voorgestel dat Nkondo gekry moet word om julle toe te spreek nie? -- Sy was by en sy was die een wat die voorstel gemaak het van Nkondo.

Nou is my vraag aan u wat het sy met die hele ding te doen? -- Edith was gekies as 'n verteenwoordiger van Gebied 7. Ons ken haar as 'n persoon wat 'n verteenwoordiger is vir Gebied 7. Ons, die mense wat nie gekies is nie, ondervind nou probleme met ons kinders. Ons, die inwoners van Gebied 7, gaan na die persoon toe wat gekies was as 'n verteenwoordiger vir Gebied 7. Dit is nie die persoon wat gekies is wat ons kom nader het as ouers nie. Ons bespreek die hele ding by haar woning. Ons neem die besluit by haar woning, dit is Edith se woning, dat ons nou skool toe sal gaan. Na alles plaasgevind het, na alles besluit was deur ons, die inwoners en die ouers van die kinders, het Edith net een woord daar gesê en dit is naamlik sal dit nie raadsaam wees om iemand te kry wat meer inligting het aangaande die onderwys nie, naamlik mnr. Nkondo. Dit is nou hoe Nkondo in die hele prentjie in kom, maar nou, op pad skool toe, is Edith nie daar nie, Nkondo is ook nie daar nie, selfs Esau is nie teenwoordig nie. Dit beteken dus dat ons bespreking en die besluite wat ons alleen geneem het, staan en dit word oorgedra aan die skool se beheer net soos dit besluit was deur

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons, die ouers.

MNR. FICK : Wat wat u gedoen het, wat u ouers se probleem was het u toe die VCA se probleem gaan loop maak, want julle het hulle gaan sien. Eers was Nkondo gekry. Is dit reg? -- As u moet terugdink aan die stigting van die VCA in 1983 was dit gesê dat dit gestig word omdat dit na die probleme van die mense, die inwoners daar, sal moet kyk. Hier het ons nou ŉ probleem. Hier volg ons nou die prosedure. Onder daardie omstandighede met die probleem wat ons gehad het, het ons net na die verteenwoordiger in Gebied 7 gegaan.

U sien, daar is ŉ verdere probleem. Toe beskuldigde nr. 8 getuig het ... -- Ja, u het die probleem, nie ek nie.

Ek sal hom nou joune maak. Toe beskuldigde nr. 8 getuig het, toe is hy gevra in verband met wat beskuldigde nr. 17 sou gesê het op die vergadering van 26 Augustus 1984 oor VCA se suksesse wat hulle behaal. Volume 175 bladsy 8 987 tot 8. Die vraag is "Toe u hom voorstel, dit beteken voorstel aan die vergadering, wat het u gesê? - Wat ek gesê het was dat mnr.Matlole ŉ lid van die komitee van Gebied 7, wat eintlik ŉ lid is van die VCA organisasie, sal oor VCA verduidelik. Wat is VCA met ander woorde." "Het u gesê hy sal praat oor die VCA se suksesse? - Nee, ek het geen melding daarvan gemaak nie omdat ek nie eers geweet het wat hulle sukses was in hulle area nie, dit wil sê Gebied 7." "Het beskuldigde nr. 17 in sy toespraak enigsins verwys na suksesse wat die VCA gehad het? - Ja, hy het." "Wat se suksesse was dit? - Die volgende was die suksesse waarvan hy melding gemaak het, dat hulle daarin geslaag het om oplossing te vind by ŉ skool in Gebied 7 waar die kinders weggejaag was sonder dat daar enige grondige rede verstrek was. Dit het hulle suksesvol

opgelos/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opgelos." Nou stem u saam dat ten minste beskuldigde nr. 17 stem nie met u saam volgens die getuienis van beskuldigde nr. 8 nie. Hy sê dit is VCA se sukses? -- Ja, ek sal dit kortliks verduidelik. In die eerste plek hier in die hof het ek gesê ek kan nie die toespraak van mnr. Matlole onthou nie en verder om dit te verduidelik sal ek die volgende vir die Hof noem. Dit kan wees dat mnr. Matlole dit so gestel het, ja, maar die rede daarvoor kon gewees het dat die mense wat die sprekers sou gewees het by die skool namens hierdie kinders is toe later verkies in die komitee. Hoekom dit so is, om dit te staaf, sal ek vir die Hof sê die toespraak wat Matlole maak is op die 26ste Augustus 1984 en ons was by die skool gewees op 11 Januarie 1984. So, as hy nou die feite bymekaar bring na ons gekies is op die komitee, aanvaar hy dit as die sukses van die VCA omdat ons nou daar in die komitee dien.

K562 Ek het ŉ probleem met u antwoorde. Ek sal nou vir u sê watter probleem het ek. Hier staan weer in O3 paragraaf 2 - u sal sien op daardie stadium, dit is nou die 14de, drie dae nadat u by die skool was, toe rapporteer Lord McCamel "The working committee (dit is nie nou net ŉ paar los mense bymekaar nie, soos u vir die Hof probeer voorgee het nie) has been formed and is very busy on house meetings and will arrange a meeting where the area committees will be elected. There is real interest in this area. The committee has twelve members." Met ander woorde, wat ek vir u stel volgens die verslag was julle nie net sommer ouers wat gaan praat het nie. Julle was ten minste al die formele "working committee"? -- In antwoord daarop sal ek sê die skrywer van hierdie verslag was in ŉ gesprek

betrokke/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betrokke met die een wat die verslag aan hom gedoen het oor wat daar gebeur het om hom, die skrywer, in staat te stel om ŉ verslag te skryf oor hierdie gebeure. Ons was nie daar nie. Wat ek sê is dat ons die persone wat bymekaar was daar wat daar betrokke was met die ding, sê ons was nie ŉ komitee gewees nie, ook nie ŉ "working committee" nie. Ons was net ouers gewees.

Maar stem u saam dat die persoon wat hierdie inligting die heel waarskynlikste vir McCamel kon gegee het en moes gegee het, was Edith Lethlake wat saam met julle gewerk het? -- Hulle kan hierdie ding onder mekaar bespreek en dit beplan hoe hulle dit gaan skryf hier in ŉ verslag sonder ons wete. Selfs hier waar dit sê ons was twaalf persone gewees. Ek wat daar was kan nou nog nie vir u sê hoeveel van ons daar was nie. Hier praat hulle van twaalf persone wat ek nie van weet nie.

Kan ons by u nou so vasstel oor hierdie paragraaf 2. Was daar ŉ "working committee" wat die stigting van die Gebied 7 areakomitee gereël het? -- Nee, daar was nie so ŉ komitee gewees nie.

Julle het as indiwidue op julle eie elkeen sy eie reëlings getref en toe die vergadering laat plaasvind? Dit is wat u sê. -- Dit is nie korrek om te sê daar was ŉ werkskomitee gewees nie. Wat gebeur het is die volgende. Na ons daarin geslaag het om ons kinders terug te kry by die skool, was dit sommer in die loop gesê "Mense, ons het hierin geslaag. Ons sal moet maak dat ons ŉ komitee stig". Daar was geen melding gemaak van Bophelong en Boipatong in daardie kort gesprekkie nie.

HOF : Het julle toe ŉ komitee gestig? -- Ja, op 19 Februarie.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Wie het al hierdie organisasie gedoen vir die vergadering van die 19de? -- Ons bymekaar, dit wil sê ingesluit Edith.

Wie is die ons? Laat ons hoor? -- Ek het alreeds gesê die persone wat teenwoordig was toe ons na die skool toe was, tesame met nog ander persone wat bygekom het, het dit gedoen. Dit is nou mense wat ek nie kan sê wie hulle is nie.

Maar gee die name wat jy kan? Dit is nou uself, Rina Sefako? -- Ek het persone se name hier genoem.

HOF : Ja, maar u het baie name genoem by verskillende geleenthede. Wie is nou die mense wat die vergadering van 19 Februarie georganiseer het? -- Ekself, Rina, Matlole.

Beskuldigde nr. 17. -- Modise Mthombeni. Toe ek die persone se name genoem het, was ŉ vraag aan my gestel deur die aanklaer of ons nou die persone is wat die voorbereiding gedoen het vir hierdie vergadering waarop ek bevestigend geantwoord het.

Dus is dit hierdie mense, die vyf, vier, Rina, beskuldigde nr. 17 en Modise Mthombeni? -- Na ek hierdie vier name genoem het, was die vraag "Is julle die vier persone wat voorbereidings gedoen het vir daardie vergadering van die 19de?" Waarop ek bevestigend geantwoord het, maar nou sê ek die vier persone genoem deur my en vroeër bevesig was tesame met nog ander persone, het die voorbereidings gedoen. Dit sluit in David en nog ander persone.

Wie is David? -- Mphuthi.

Beskuldigde nr. 7. Is daar enigiemand anders wie se naam u ken? -- Edith.

Is dit al? -- Sefako. Dit is sover ek kan onthou.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit al die mense wat u onthou of is daar ander wat se name u nie onthou nie? -- Daar is ander mense wie se name ek nie kan onthou nie.

MNR. FICK : Hoeveel was dié wat u nie kan onthou nie? -- Ek weet nie.

Weet u hoe 'n groot groep was u altesaam toe die vergadering gereël is van 19 Februarie? -- Ek weet nie.

U kan nie betwis dit was twaalf gewees nie? -- Ek kan dit betwis, ja.

Op watter basis? U weet nie wie die mense is nie, (10) u weet nie hoeveel hulle is nie, maar u betwis dit is twaalf? -- Ons was baie, 'n groot getal mense was daar gewees. Ver meer as hierdie.

HOF : Waar gewees? -- Daar is baie mense wat besoeke afgelê het by Edith en die mense wie se name ek nou al getel het is naby tien. As ek nou begin tel byvoorbeeld ekself, Mphuthi, Matlole, Edith, Modise, Rina, Sefako, is ons omtrent sewe. Daar is baie meer, ver meer mense as hierdie wat ek nie kan onthou nie. Met die verkiesing van die komitee daar, was daar vyftien persone gekies op daardie komitee. (20)

MNR. FICK : Die mense wat die vergadering gereël het vir die 19de, was hulle meer as veertig? -- Ek het nou net vir die Hof gesê ek sal nie kan sê nie, ek weet nie in getal hoeveel hulle almal was nie, maar as u nou 'n skatting maak van twaalf is dit te laag.

Het julle op enige stadium die klomp wat die vergadering gereël het van 19 Februarie bymekaar gekom op een geleentheid? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoe het u gereël vir die vergadering van 19 Februarie? -- Dat daar pamflette gedruk moet word om die vergadering (30)

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan te kondig.

Wat het Edith gedoen om die vergadering te reël? Wat was haar bydrae? -- Nee, dit was nie Edith wat moes bygedra het tot die voorbereidings nie. Ons het vir Edith gehelp, ŉ hand bygesit, want sy was die persoon wat daar moes toegesien het dat daar ŉ stigting is van ŉ komitee.

Beskuldigde nr. 7, wat was sy bydrae tot die reëling van hierdie stigtingsvergadering? -- Al wat ek weet is dat ons daar ooreengekom het.

Dit is ŉ vreeslike wye stelling wat u maak. U sê "ons het daar ooreengekom." Eerstens, waar is die daar? -- Ek praat van Edith se woning waar ons bymekaar was om te praat en toe ooreengekom het. U vra wat sy bydrae was. Ek het in antwoord aan u verduidelik dat ons ooreengekom het, almal van ons. Ek kan nie sê dat iemand ŉ spesifieke bydrae gemaak het nie.

HOF : Die ooreenkoms was net eintlik "Ons gaan nou die vergadering hou"? -- Dat ons ŉ vergadering aan roep. By hierdie vergadering gaan ons die komitee van Gebied 7 kies.

MNR. FICK : En julle het verder daar ooreengekom dat die klomp wat daar is gaan almal help met hierdie reël van hierdie vergadering? -- Ja.

En die antwoord wat u gegee het ten opsigte van beskuldigde nr. 7 dat u nie spesifiek weet wat hy gedoen het nie, geld dit ook ten opsigte van beskuldigde nr. 17 of weet u wat hy gedoen het? -- Dit is reg.

U weet nie wat hy gedoen het, wat sy bydrae was nie? -- Ek sê ons het ooreengekom oor alles. Dit is die druk van die pamflette ensovoorts. Ek verstaan met ŉ bydrae dat ŉ persoon iets doen wat merkbaar is dat hy spesifiek dit

gedoen/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gedoen het, maar die algemene ooreenkoms van mense is net dat die mense ooreengekom het oor ŉ sekere ding. Dit kan nie bestempel word as ŉ bydrae van ŉ enkele persoon nie.

HOF : Eintlik, wat die advokaat wil weet is, het beskuldigde nr. 17 miskien die pamflette gedruk of het hy dalk die saal gaan reël of het hy die luidsprekerstelsel bestel of iets van dié aard? -- O, nou verstaan ek dit, hy as ŉ enkele persoon. Ek sê ons het ooreengekom daar dat pamflette gedruk gaan word. Wat hy alleen as ŉ enkel persoon gedoen het, weet ek nie.

MNR. FICK : Die hy wat u van praat, geld dit vir beskuldigdes nrs. 7 en 17? -- Ja, enkellopend as ŉ persoon, weet ek nie wat hy gedoen het nie.

HOF : U self het ook nie ŉ spesifieke funksie gehad nie? -- Nie wat ek op my eie op besluit het nie, behalwe op dinge waarop ons nou ooreengekom het.

Ja, maar het u ŉ taak gehad om te doen? -- Ons het almal ooreengestem daar dat die pamflette sal moet versprei word deur ons na dit gedruk is.

MNR. FICK : Is daar ooreengekom wie gaan druk hierdie pamflette? -- Aangesien Edith verantwoordelik was vir die stigting van hierdie komitee, sou dit een van haar pligte gewees het om toe te sien dat daar pamflette gemaak is.

Weet u wie die pamflette gedruk het? -- Ja, Edith.

Sy alleen? -- Ja, dit was haar plig gewees.

U plig was om pamflette te versprei, onder andere. Is dit reg? -- Nie van my pligte nie. My plig was dat ek pamflette sal moet versprei.

Was dit u enigste plig? -- Ja, want dit is al wat ek gedoen het.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wie moes die saal reël? -- Ek het nou net gesê Edith moes dit gereël het.

MNR. FICK : Was daar 'n luidsprekerstelsel by hierdie vergadering van die 19de? -- Nee, daar was geen.

Laat ons net eers BEWYSSTUK O wat steeds hier voor ons is klaarmaak. Paragraaf ... (Hof kom tussenbei)

HOF : O3?

MNR. FICK : O3. Die bewerings dat "plans are afoot to form a parents' action committee and SCR, both in this area and the Bophelong and Boipatong area", vergeet nou maar eers van die Bophelong en Boipatong area, net van Zone 7. Het u enige kennis daarvan om 'n "parents' committee" en 'n "SRC" in Gebied 7 te stig? -- Ek het vandag nog gesê ek weet niks daarvan nie.

HOF : Is daar ooit 'n "parents' action committee" gestig? -- Al komitee wat ek van weet is Gebied 7 se komitee onder die vlerk van VCA.

MNR. FICK : En 'n studenteraad, "SRC" by die skool Esokwazi, weet u enigiets of daar vandag - of daarna een gestig is na hierdie voorval? -- Ek weet niks nie.

HOF : Maar u was nie heeltemal onkundig oor wat by die skool aangaan nie, want u het 'n kind in die skool gehad? -- Ek het niks geweet van wat gebeur by die skool nie. Of daar nou enige komitee of enige raad of enige organisasie daar gevorm was nie. Dit weet ek nie. Die laaste wat ek te doene gehad het met die skool of met die skoolpersele, is die dag wat ek daarin geslaag het om my kind by die skool terug te kry. Dit was die laaste. Ek weet dus niks wat daarna gebeur het nie.

MNR. FICK : Het u toe belangstelling verloor in die skool

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en wat daar by die skool gebeur? -- Nee, nee, nee, ek was bly gewees om my kind terug te kry by die skool. Nie dat ek belang verloor het in die gebeure of so nie. Al wat ek na gekyk het op hierdie oomblik was die stigting van die komitee van Gebied 7.

As ŉ mens BEWYSSTUK O3 omblaai die volgende paragraaf - die volgende bladsy, daar staan die volgende "An appeal is therefore made to the UDF to help orientate these committees in order to tackle school matters effectively." -- As ek u verstaan, die stelling wat u maak volgens daardie paragraaf, praat hulle nogtans van die komitee wat bestaan het uit twaalf lede. As dit die geval is, ek het alreeds vir die Hof gesê ek dra geen kennis daarvan nie. Dus kan ek nie hierop kommentaar lewer nie.

Die volgende is "School inspectors in this area are real bullies and this needs attention? -- Ek sê ek weet niks van al daardie goed nie.

Weet u ook niks daarvan dat skoolinspekteurs "bullies" is nie? -- Ek het nie die inspekteurs raakgeloop nie, maar ek het ŉ inspekteur raakgeloop.

En u ondervinding is hy is nie ŉ "bully" nie, hy het geluister na u? -- Daardie inspekteur saam met wie ons daar ŉ gesprek uitgevoer het, was ŉ persoon wat geluister het na die mense se probleme. Ons het aan hom oorgedra wat ons probleem was en hom gevra om hulp. Hy het daaraan aandag gegee. Hy het nooit sy gewig rondgedra nie.

HOF : Ek dink ons het almal die probleem dat ons ons gewig moet ronddra, maar het hy dalk sy gewig rondgegooi? -- Rondgegooi.

GETUIE STAAN AF.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ons het laas gekom by die voorval by die skool wat op 11 Januarie 1984 plaasgevind het. -- Ja.

U het eerstens by die skool, verstaan ek, met die hoof gepraat? -- Ja, ons het eers met die prinsipaal daar gepraat.

Is dit die hele klomp mense wat die prinsipaal gaan sien het of is dit net die sprekers wat die prinsipaal gaan sien het? -- Net die sprekers het gevra om met die prinsipaal, dit wil sê die hoof van die skool, te praat. Ons het toe met die hoof gepraat.

Van die mense wat nou aangewys is as die sprekers, wie was die hoof segsman van die klomp? -- Nee, dit was nie besluit nie. Al wat gesê was is ons was gekies as die sprekers.

Kom ek vra u dan so. Toe u daar by die prinsipaal kom, wie het begin praat van u groep? -- Ek het in die teenwoordigheid van die ander gevra om met hierdie hoof van die skool te praat. Ons het eintlik hom persoonlik gevra of ons nie met hom kan praat nie.

HOF : Toe sê hy ja en toe julle nou by hom is, wie het eerste gepraat? -- Ek het die eerste gepraat.

MNR. FICK : Het u die probleem gestel vir die Hof? -- Ja, dit is so.

Wat het u gestel aan die hoof, wat is die probleem? -- Ek het hom meegedeel dat ons ŉ probleem hier het van die kinders wat nie terug skool toe kan kom nie. Ons is dus hier om ŉ versoek te rig dat hulle weer teruggeneem word op skool.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat was die hoof se reaksie? Was hy behulpsaam, was hy moeilik of hoe was hy? -- Hy was nie moeilik gewees nie.

Al wat hy vir u gesê het is, hy sal die inspekteur moet kry, dat hy en die inspekteur die ding moet bespreek. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En u klomp het toe gewag dat die inspekteur moet kom? -- Hy het gesê ons moet ŉ bietjie wag.

U het toe gewag tot die inspekteur gekom het? -- Ja, dit is so.

Terwyl julle gewag het vir die inspekteur, het julle verder met die skoolhoof gepraat of onderhandel of het julle net gesit en wag dat die inspekteur moet opdaag? -- Nee, hy het sy werk waarmee hy besig was. Hy het net vir ons gesê ons moet wag. Ons het daar gewag terwyl hy aangegaan het met sy ander pligte.

Toe het die inspekteur opgedaag en die hele klomp is die skoolsaal in? -- Nee, nie onmiddellik nie. Die hoof het saam met die inspekteur na ons toe gekom. In ons teenwoordigheid het die hoof toe vir die inspekteur gesê wat ons probleem was, hoekom ons daar was. Na dit aan hom oorgedra was deur die hoof het hy, die inspekteur, toe gesê dat daar ŉ sekere plek oopgemaak moet word wat vir my voorgekom het soos ŉ saal, dat ons daar binne moet gaan en die ding gaan bespreek. Dit is wat gebeur het.

U is toe in die saal in op die ou end? Die afvaardiging plus die hoof en die inspekteur? -- Ja, dit is korrek, nog plus ŉ paar ander mense wat ook ingekom het, nie net die afgevaardigdes nie.

Tot op daardie stadium wat u in die saal ingegaan het, verstaan ek u reg, was u eintlik die enigste segsman van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die groep gewees? U het net die probleem gestel en dit was die einde? -- Ja, tot op daardie stadium. Dit is korrek.

U gaan toe nou in die saal in en daar het enigeen van u groep weer opgetree as segsman namens die groep? -- Ja, na die ding so bespreek was, nie baie nie, was daar van die mense wat hier en daar iets gesê het.

Was dit heeltemal vriendelike samesprekings? -- O ja.

Het daar geen humeure opgevlam of probleme gehad nie? Het elkeen vriendelik sy kant gestel en toe het die inspekteur (sin word nie voltooi nie)? -- Dit is heeltemal reg. Dit was 'n vriendelike bespreking van hierdie probleem.

Behalwe u, kan u onthou wie nog van die groep gepraat het met die hoof en die inspekteur? -- Ek sê van die mense wat gekies was daar, het almal 'n beurt gehad om iets te sê ter stawing van wat alreeds gesê is partykeer.

En almal wat daar gepraat het, was vriendelik? -- Ja, eintlik was dit die rede gewees. Ons sou daardie ding daar gaan bespreek het.

En elkeen het net sy ding gesê. Daar was nie argumente nie? -- Daar was hoegenaamd geen. Daar was goeie samespreking gewees op 'n baie goeie manier met die inspekteur. Tot op die stadium wat hy later teruggekom het en gesê het "Goed, laat ons maar betaal." Daar was geen moeilikheid gewees nie.

Die skoolfooie betaal en dan kan die kinders toegelaat word? -- Ja, na ons ooreengekom het.

Verstaan ek u reg, nòg hy nòg die skool was op enige stadium onwillig om die kinders toe te laat? -- Wat my betref nie. Ek sal vir u sê, want toe ons die gesprek daar begin het, was beide van hulle teenwoordig in die saal. Ons het daar met mekaar gepraat en hierdie probleem bespreek.

Later/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Later het hy, die prinsipaal en die inspekteur die saal verlaat. Met hulle terugkoms het die inspekteur vir ons kom sê dat dié wat geld het, kan nou betaal, die kinders sal teruggeneem word op skool.

Dit was nie 'n geval van enigeen van julle moes die skoolhoof of die inspekteur verpes en treiter om die kinders terug te kry nie? -- Ek het gesê ons het hierdie ding met vrede bespreek, niemand het die ander een gedwing om iets te doen nie, sonder enigiemand wat op 'n ander een geskreeu het.

Ek wil dit aan jou stel in volume 38 op bladsy 1 762 is gesê dat Rina Mokoena onder andere - ek sal vir u lees "You come to the principal and the inspector that were not taking the children in and that you badgered them until all the children were admitted and that you got the better of the principal and the school inspector and that you organised the mothers in particular to really badger them, until they agreed to do that."

<u>HOF</u> : Wat sê u van die stelling? -- Wat ek verstaan daarby is die volgende. 'n Gesprek is uitgevoer met hierdie mense, byvoorbeeld die hoof van die skool, as hy nou byvoorbeeld gesê het "Die kinders het nie meer plek op skool nie" en dan pleit die ouers daar met hom en sê "Goed, al is daar nie plek in die klaskamers nie, laat die kinders dan toegelaat word om buite op die erf van die skool onderwys gegee te word en dan met die verdere bespreking dan word hierdie hoof oorreed van wat hy van plan was en aanvaar hy die kinders. Dit is wat ek verstaan wat gebeur het.

<u>MNR. FICK</u> : Op 'n stadium terwyl u daar by die skool was en hierdie voorval en onderhandelinge aan die gang was

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by die skool, het die polisie daar opgedaag? -- Ek het nie die polisie daar gewaar nie.

Is die polisie nie ontbied nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

U was nie aggressief nie? -- Ek sê ek het nie die polisie daar gesien nie.

Was u aggressief? -- Ek het nou net hier gesê ons het mooi gepraat met die inspekteur daar.

En die klomp kinders, was hulle nie aggressief nie? -- Nie op die stadium wat ek daar was nie. Die kinders het nie eers 'n seggenskap gehad nie.

Hierdie sukses wat u daar gehad het om die kinders terug te kry in die skool, net na dit, het die ledetal van die VCA nie aangegroei, nie meer geword, die ondersteuners van VCA in Gebied 7 nie? -- Kyk, ek moet eers verstaan presies waarvan praat ons nou, want ek sê by daardie tyd was daar geen organisasie gewees in Gebied 7 nie en as u nou sê dat daar 'n getal vermeerder het met die steuning van die organisasie, wil ek mooi verstaan, watter organisasie praat u van?

VCA? -- Nee, destyds was ons nie VCA nie. Ons was net die inwoners wat soontoe gegaan het oor probleme wat daar bestaan het.

Het die ouers van die kinders na hierdie voorval nie gesê maar hulle wil graag by VCA aansluit nie? -- Nee, dit was nie gesê nie, selfs op daardie tydstip en later.

Dan gaan ons nou aan na die reëlings wat getref was vir die vergadering op 19 Februarie 1984 toe die areakomitee van VCA gestig is. Ken u so 'n man? 'n Persoon Thembekile Hlehluko?

<u>HOF</u> : Dit is die eerste keer wat die getuie hierdie naam

hoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoor en ek het hom ook nog nie in hierdie hof gehoor nie. Daar is wel van 'n Hlahluko gepraat.

MNR. FICK : Kom ons hoor dan so, Thembekile Hlahluko, ken u hom? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

Glad nie 'n persoon met die naam van Thembekile nie? -- Nee, niemand nie.

Daar is besluit op 'n pamflet om hierdie vergadering te adverteer van 19 Februarie 1984. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Weet u of hierdie pamflette gedruk is by MARS? Dit staan vir Media and Research Services? -- Ek weet nie waar dit gedruk was nie.

Wie het betaal vir hierdie pamflette? -- Ek weet daarvan dat ons geld ingesamel het onder mekaar, tussen ons.

Wie is ons? -- Die mense wie se name ek alreeds genoem het wat betrokke was met die voorbereidings is die mense wie ek nog onthou wat daar teenwoordig was.

Hoe het julle besluit dat julle geld sal betaal vir die pamflette? -- Ons het daar onder mekaar bespreek dat ons vir Edith gaan behulpsaam wees met die stigting van hierdie komitee en voorbereiding van die komitee se stigting en ons het verder ooreengekom onder mekaar daar dat ons onder mekaar geld bymekaar sal moet gooi met die oog daarop om die betaling vir die drukwerk te kan doen.

Moes julle betaal voor die goed gedruk is of na die goed gedruk is? -- Terwyl ons daar gepraat het en gereël het wanneer die goed gedoen moet word, het ons onmiddellik geld uitgehaal om bymekaar te bring.

En het julle nooit vir Edith gevra "Waar gaan jy die goed druk en wat gaan dit kos?" nie? -- Nee, ons het nie.

Hoeveel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoeveel het julle betaal elkeen? Weet u? -- Ek kan nie meer onthou nie, dit is lank terug.

As ek vir u ŉ getal noem, sal u kan saamstem dat daar ongeveer tienduisend pamflette gedruk is? -- Wat hierdie vergadering aangekondig het?

Ja? -- Ek sal dit nie kan betwis nie, want ek sal nie meer met sekerheid kan onthou hoeveel van die pamflette gedruk was nie.

U het baie van die goed versprei. Is dit reg? U as persoon? -- Die pamflette wat ek gehad het, het ek almal versprei, maar ek weet nou nie hoeveel dit was nie. Of dit baie was of nie.

Wie het nog versprei van die pamflette wat u weet? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, die mense wie se name ek onthou het wat ek alreeds genoem het, almal het deel gehad in die verspreiding daarvan.

Het julle bymekaar gekom en die pamflette het daar gelê en toe is dit uitgedeel vir julle en vir julle gesê nou moet elkeen dit gaan versprei? Is dit hoe dit gewerk het? -- Ek kan nie meer met sekerheid sê nie. Ek kan nie onthou nie. Ek wil dus nie vir die Hof sê ons het een dag bymekaar gekom waar pamflette verdeel was tussen ons nie. Wat ek wel kan sê is dat elkeen van ons het pamflette gekry om te versprei.

Die pamflette het hy die nou al bekende "Asinamale" as opskrif? -- Ek het alreeds gesê hierdie pamflet was aan weerskante geskryf. Aan die een kant was dit in Sotho en aan die ander kant was dit in ŉ taal "Asinamale".

En wat het verder op hierdie pamflette gestaan? Wat was die oproep? -- Daar is niks meer wat ek kan onthou

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat alles in die pamflet vervat was nie, behalwe natuurlik dat dit die vergadering aangekondig het.

U het ook gebruik gemaak van kinders om die pamflette te versprei? -- ja, ek het vir kinders in die straat pamflette gegee om my behulpsaam te wees met die verspreiding hiervan.

Was dit COSAS lede of was dit onbekende kinders wat u sommer net in die straat gekry het? -- Dit was kinders van hulle ouers, nie van COSAS nie. Ek ken nie van COSAS se kinders nie.

HOF : Alle kinders het ouers hopelik. Hoekom sê u dit is kinders van ouers? -- Ja, maar ŉ kind het ŉ ouer.

Ja, dit is waarom ek vir u vra. Waarom sê u so? -- Omdat ek weet ŉ kind het ŉ ouer en COSAS - ek weet nie wie COSAS is nie. Ek weet nie COSAS is ŉ ouer van ŉ kind nie.

MNR. FICK : Dit is onbekende kinders aan u? -- Dit is reg, dit is onbekende kinders van hierdie ouderdomme van 10 jaar of ŉ bietjie ouer. Hulle het gewissel van ouderdomme. U is heeltemal reg as u sê dit is onbekende kinders, want ek ken nie al die kinders in daardie lokasie nie.

Voor hierdie vergadering van 19 Februarie, het u groep ŉ aantal huisvergaderings gehou? Dit is nou na die voorval by die inspekteur en die skoolhoof by die skool? -- Ja, ek onthou daar was vergaderings gewees, byvoorbeeld daar waar ons hierdie pamflet bespreek het, was een van hulle.

Verstaan ek u reg, u het die pamflet bespreek voordat hy opgestel is by ŉ huisvergadering? -- Ons het bymekaar gekom by ŉ vergadering. In hierdie vergadering praat ons van hierdie pamflet dat ons dit moet opstel, hoe dit opgestel moet word.

Hierdie huisvergaderings wat u gehou het voor 19

Februarie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Februarie, is dit by verskillende persone se huise gedoen? -- Nee, ek praat nie van vergaderings nie. Ek praat van 'n vergadering. Dit is die een wat ons gehad het by Edith se huis waar hierdie pamflet bespreek was.

Nee, ek het u gevra aanvanklik het u huisvergaderings gehou tussen die tydperk wat u by die skoolhoof was en die inspekteur tot 19 Februarie en toe het u vir my gesê ja en u het een genoem as voorbeeld? -- Ja, dit is reg, maar dit lyk vir my u het my nie verstaan nie. Die rede hoekom ek melding gemaak het van hierdie vergadering, ek wou u gehelp het om te verstaan dat ek praat van een vergadering wat gehou was. Dit is die een wat ons van praat.

Verstaan ek u, daar was net een gehou? -- Wat ek van weet, ja.

In die verslag O3 van Lord McCamel praat hy in paragraaf 2 van die "zone 7 working committee has formed and is very busy on house meetings and will arrange a meeting where the area committee will be elected." Is dit verkeerd wat hier gestel word? -- As ek reg onthou en as ek reg vertaan, net voor die middagete het ons hierdie ding bespreek en ek het vir u gesê ek weet van niks van hierdie verslag van McCamel nie, want ek het geen verslag aan hom gegee om sy verslag dan op te stel nie.

Maar dit is nie die vraag nie. Die vraag is is hierdie paragraaf dan nou verkeerd? -- Ja, maar dit is duidelik. Hier praat hy van vergaderings. Ek praat van 'n vergadering.

MR BIZOS : I may say, My Lord, they are also speaking about different periods. The report is dated the 14th. The witness was questioned between the visit of the principal which was on the 11th until 19 February, some one month

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and a week later.

MNR. FICK : Het u ook bespreek voor 19 Februarie se massa-vergadering wie die sprekers moet wees op hierdie vergadering? -- Ons het.

Het julle op enige buite sprekers besluit? Met ander woorde, mense wat nie deel van julle groep van Gebied 7 is nie? -- Die enigste persoon waarvan ons melding gemaak het was McCamel, want hy kom nou van Evaton af en ons is die mense van Gebied 7.

McCamel het toe opgedaag by die vergdering? -- Ja, (10) hy was teenwoordig.

Julle het nie dalk ook UDF ampsdraers of persone verbonde aan UDF genooi om te kom optree op die vergadering nie? -- Ek sê daar by daardie vergadering het ons besluit op McCamel as ŉ spreker daar. Wat die UDF betref, wat nou aan my gestel word, dra ek geen kennis van nie.

Om dit duidelik te maak, daar is nie bespreek die moontlikheid dat ons gaan UDF sprekers ook kry nie? -- Nie waar en teenwoordig was nie. Daar was nie so ŉ ding nie.

Frank Chikane is nie genoem in u teenwoordigheid as (20) ŉ moontlike spreker nie? -- Ek sê ek het dit nie gehoor nie.

En op die vergadering self van die 19de, was daar enige melding gemaak en gesê hier is nou ŉ probleem, van ons gas-sprekers het nie opgedaag nie, ons het net vir Lord McCamel hier vandag? -- Ek het dit nie gehoor nie. McCamel het opgedaag as die enigste vreemde persoon wat daar genooi was. Die res van mense wat genooi was as gassprekers, weet ek nie van nie.

Hoekom is McCamel genooi as spreker genooi vir die vergadering? -- Dit is ŉ baie maklike ding. McCamel was (30)

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die voorsitter van die VCA.

Nou wil ek aan u ŉ dokument stel, dokument T19. Dit bestaan uit verskillende dokumente, maar as ŉ mens van voor af blaai die sewentiende bladsy. Daar is ŉ dokument genoem "Vaal Civic Associaton VCA report to the UDF general council" op 22 Februarie 1984, ŉ paar dae na die vergadering van die 19de Februarie 1984. Dan wil ek u spesifiek verwys, as u omblaai, na die volgende bladsy, bladsy 6. Dit lyk of die dokument geteken is deur Lord McCamel en Johnny Motete. Het u vir Johnny Motete geken? -- Nee, ek ken hom nie.

Nou gaan ek vir u lees wat staan in paragraaf 6. "There is a complaint about the UDF not responding properly to invitations. We for example expected speakers on Sunday 19 February. Please notify us in good time if you cannot be represented." Wat sê u nou van hierdie stuk? -- Dit is ŉ baie maklike ding hierdie ding. Die skrywer hiervan, Motete, sê dit is wat hulle verwag het. Hulle, Motete en sy mense, het dit verwag. Hy sê nie ons, ingesluit myself, het dit verwag nie.

As u kyk na paragraaf 1, dan sal u sien die vergadering wat na verwys word is die vergadering wat u gehou het in Gebied 7. Wil u nou vir die Hof sê dat VCA het op sy eie gegaan en vir julle niks gesê nie, toe reël hy sommer vir UDF mense wat, gelukkig vir julle, toe nie opgedaag het nie? -- As ek reg onthou, die Motete wat glo die skrywer is van hierdie verslag met hierdie klagte, is ŉ persoon van Bopelong. Dit mag wees dat hy miskien by die besturende komitee is van VCA. Mense met wie ons geen handelinge gehad het oor hierdie vergadering van ons wat maklik op hulle eie kon besluit het dat hulle mense nooi van daardie organisasie om as gassprekers

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier by ons vergadering te kom optree, maar ons, die persone wat die vergadering gereël het daar in Gebied 7, dra geen kennis daarvan nie.

Ek dag jy het netnou lank vir die Hof probeer verduidelik dat die areakomitees is onafhanklik. Wil jy nou vir die Hof sê dat Bopelong se man sal nou vir ʼn ander gebied vir gassprekers reël? -- Ek sê nog steeds so. Verstaan my nou so. Wat ek sê is dat sonder ons wete, sonder dat ons hulle gaan vra het daarvoor, het hulle op hulle eie besluit op hierdie feit en dit was nie ons versoek nie, want ons besluit was dit wat ons geneem het en dit het ons op besluit sonder hulle.

Het u voor u vandag gehoor het van Johnny Motete, al ooit van die man gehoor? -- Ja, ek het al van hom gehoor dat hy gekies was by die "executive" van VCA wat Bopelong verteenwoordig, as ek reg is.

Maar daar is nou ʼn ander probleem met u antwoord wat u vir my gegee het. Hierdie ding is geteken deur Lord McCamel, die voorsitter van die VCA en hy was op die vergadering. -- Ja, wat daarvan?

Wil u vir die Hof sê dat hy het hierso ʼn vals ding geskryf, hy was op die vergadering gewees, hy weet daar was nie UDF sprekers gewees het en hy teken so ʼn verslag? -- Dit is ʼn baie goeie vraag wat u gevra het. My antwoord op die vraag is, McCamel en die ander lede van die "executive" het by die "executive" besluit dat hulle mense gaan nooi om teenwoordig te wees by ons vergadering sonder ons en hierdie mense daag nou nie op nie. Mense is teleurgesteld is is McCamel en sy "executive" waar hulle hierdie ding bespreek het en alleen gereël het sonder ons en nie ons, die mense, wat verantwoordelik was vir daardie vergadering nie, want

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons het geen uitnodiging uitgestuur vir enigiemand wat ons teleurgestel het nie.

Ek stel aan u, die verduideliking wat u vir die Hof wil gee is ongeloofwaardig, dit is vals?

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Mnr. Ramakgula, net voordat u daardie vraag antwoord. Ek verstaan u nou reg as ek verstaan dat u sê dat die leiers wat u gekies het, die VCA leiers, Vaal Civic Association, die leiers, Lord McCamel en sy uitvoerende komitee. Hulle het namens julle mense van Gebied 7 besluite geneem waarin julle glad nie geken was nie? -- Ja, dit is presies wat ek sê. As dit korrek is dat daar mense wat verwag was om by hierdie vergadering te kom, dan het ons nie daarvan geweet nie. Dit was hulle besluit alleen sonder ons.

En as u as komitee van Gebied 7 nie daarvan geweet het nie, dan het die mense van Gebied 7 seker ook nie daarvan geweet nie? -- Ja, dit is heeltemal reg, want ek sal vir u sê hoekom sê ek so. Selfs ons verteenwoordiger van Gebied 7 wat in daardie uitvoerende van die VCA dien, het nooit vir ons as komitee van Gebied 7 kom sê dat daar so ŉ besluit deur die uitvoerende komitee van VCA geneem was nie. Met die gevolg niemand weet dus daarvan by ons in Gebied 7 van enige besluit van so ŉ aard nie.

Ja, dankie, maar dan beteken dit mos nou dat die VCA was eintlik maar net ŉ leë dop. Hy het nie mense gehad nie? -- Op 9 Oktober 1983 was daar mense gekies in die besturende komitee van VCA. Hulle was gekies deur die inwoners. Dit het so bly staan, maar nou, vandag hier, praat ons van die komitee van Gebied 7.

Wat in Februariemaand begin het? -- Ja, dit is waarvan

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons nou praat.

Maar nou sê ek die mense, die areakomitees, die subkomitees en die mense self, die inwoners, hulle het nie geweet wat gedoen word nie, want die besluite is geneem by die sentrale komitee sonder dat hulle geken is? -- Ek wil myself duidelik maak op hierdie punt. Wat ek gesê het is die volgende: Die inwoners van die Vaal het die besturende komitee uitgewys en gekies die dag. Dit wil sê hulle is nou die mense wat te doene het met die VCA, dié wat daar gekies word en ons is toe later daar gekies as ŉ komitee van Gebied 7. Wat ek dan vir die Hof oordra is die volgende. Ons en Gebied 7 se komitee het nie geweet van hierdie besluit wat daar geneem was deur die besturende komitee van die VCA nie. Dit beteken dus nie dat ek sê al die mense het nie daarvan geweet nie. Ek praat van ons wat in die komitee gedien het, het nie daarvan geweet nie.

HOF : Ja, laat ons net die ding regstel. Op 19 Februarie 1984 is daardie komitee eers amptelik gekies en die besluit om die sprekers te nooi vir daardie vergadering was dus geneem toe daar nog nie ŉ komitee was nie, maar ŉ organiserende groep, maar die feit is dat die VCA se hoofbestuur ŉ besluit geneem het sonder dat julle as organiserende groep daarin geken is? -- Dit is presies wat ek sê dat daardie mense sonder ons, die mense hier in Gebied 7, ŉ besluit op hulle eie geneem het dat hulle daardie mense gaan nooi. Ons het geen kennis daarvan gedra nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 27 FEBRUARIE 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.